# DIE SOSIO-EKONOMIESE IMPLIKASIES VAN SEISOENARBEID IN CERES: 'N GEOGRAFIESE PERSPEKTIEF

deur

SAREL WILLIAM IMMANUEL BROWN

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir

die graad

**MAGISTER ARTIUM**

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

PROMOTOR: PROF. A.C. REDLINGHUIS

MEDEPROMOTORS: DR. V. TAYLOR

DR. H. M. WESSO

THE
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND
BIBLIOTEEK
307.72096873
BRO
LIBRARY
UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE

BELLVILLE

OKTOBER 1994

https://etd.uwc.ac.za/

# OPSOMMING

Ceres, soos talle ander plattelandse dorpe, beleef 'n sigbare chroniese armoedetoestand. Dit is die primêre oogmerk van hierdie navorsingsprojek om te bepaal wat die kousale verband tussen seisoenarbeid en 'n armoedebestaan is. Spesifieke aandag word geskenk aan die ekonomiese bestaan van seisoenwerkers gedurende die werk- en afseisoen en word dit telkens geplaas binne die konteks van die groter huishouding. Omdat huishoudings gedurende die afseisoen gekenmerk word deur 'n verlaagde inkomste en werkloosheid, hou dit verreikende implikasies in vir die ekonomiese bestaan vir sodanige huishoudings. Dit is in hierdie konteks dat die navorsingsprojek gelei word deur die sentrale tesis dat seisoenarbeid 'n armoedebestaan perpetueer.

Die navorsingsprojek word binne 'n politiek-ekonomiese raamwerk geplaas. Hierdie holistiese raamwerk word as ideaal beskou om die voortgesette en steeds groeiende seisoenarbeidsmag te verklaar, asook die nodige insig te verleen ten opsigte van die perpetuering van armoede in Ceres. Alhoewel die studie binne die veld van ekonomiese geografie val, het dit 'n sterk sosiaal geografiese dimensie.

Wat die navorsingsmetodologie betref, is van beide



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke gebruik gemaak deurdat 'n gestruktureerde vraelysopname opgevolg is met onderhoude. Die navorsingspopulasie sluit slegs fabriekwerkers in van Ceres-dorp, en fokus dus nie op seisoenwerkers en trekarbeiders in die primêre sektor en omliggende landelike gebiede nie.

Die volgende is van die belangrikste bevindinge wat uit die navorsing na vore gekom het:
(i) Die daarstelling van 'n reserwe-goedkoop, ongeskoolde arbeidsmag moet in die lig van dieperliggende politiek-ekonomiese strukture gesien word; (ii) gegee die reprodusering van 'n seisoenarbeidsmag en beperkte ekonomiese basis, is seisoenarbeid die enigste uitweg vir die werkersklasgemeenskap van Ceres; (iii) in die meeste gevalle word die seisoeninkomste aangewend om in die basiese behoeftes van huishoudings te voorsien en lei dit nie tot materiële vooruitgang nie; (iv) omdat kapitaal nie geakkumuleer word in die seisoentyd nie, verdiep die armoedebestaan in die afseisoen sodat die meeste seisoenwerkers in 'n skuldsiklus beland; (v) die seisoenwerkers is in staat om die afseisoen te oorleef omdat hy/sy funksioneer binne die netwerk van die uitgebreide gesin.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Gegee die steeds groeiende aanvraag vir seisoenarbeid en die reprodusering van die seisoenarbeidsmag, blyk dit dat 'n seisoengebonde armoede nie in sy totaliteit opgelos sal word nie. Op hierdie stadium is die verlenging van die werkseisoen die mees logiese een. Ontwikkelingstrategieë om "seisoenarmoede" te beperk moet op beide plaaslike en regionale vlak aangewend word omdat die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid deurfilter tot die die breër Wes-Kaapland.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

## SUMMARY

Like many other rural towns Ceres is going through a discernible chronic poverty situation. It is the primary aim of this research project to define the causal relation between seasonal labour and a penurious existence. Special attention is given to the economic livelihood of seasonal labourers during the work season and the "off"-season and it is repeatedly placed within the context of the larger household. Because larger households are characterized by a lower income and unemployment during the off season it has far reaching implications for the economic livelihood of these households. It is in this context that the research project is led by the central thesis that poverty is perpetuated by seasonal labour.

The research project is placed within a political-economic framework. This holistic framework is viewed as ideal to explain the continued and still growing seasonal labour force and to supply the insight needed with respect to the perpetuation of poverty in Ceres. Although the study falls in the field of economic geography it has a strong social geographical dimension.

With regard to the research methodology both quantitative and

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

qualitative techniques have been applied by using a structural questionaire followed by interviews. The research population includes only factory workers from the town of Ceres and therefore does not focus on seasonal workers and migrant laboures in the primary sector and surrounding rural areas.

The following are some of the most important findings which came to the fore during the research:
(i) The creation of a cheap, unskilled, reserve labour force must be seen in the light of deep-seated political-economic structures; (ii) given the reproduction of a seasonal labour force and restricted economic base seasonal labour is the only way out for the working class society of Ceres; (iii) in most cases the seasonal income is applied to provide for the basic needs of the household and does not lead to material betterment; (iv) because capital is not accumulated during the season, the poverty existence increases during the off season with the result that most of the seasonal workers are caught in a cycle of debt; (v) it is possible for the seasonal workers to survive during the off season because he/she functions inside the network of the extended family.

Given the still growing demand for seasonal labour and the reproduction of the seasonal labour force, it appears that



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

poverty which is seasonal bound cannot be solved in totality. At this stage the lengthening of the labour season appears to be the most logical step. Development strategies to limit "seasonal poverty" must be applied both on regional and local levels as the socio-economic impact from seasonal labour filters through to the broader Western Cape.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

**VERKLARING**

Ek verklaar hiermee dat

DIE SOSIO-EKONOMIESE IMPLIKASIES VAN SEISOENARBEID IN CERES: 'N GEOGRAFIESE PERSPEKTIEF my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het.

.........................

S.W.I. BROWN

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

OPGEDRA AAN MY OUERS

VIR VOLHARDING IN HUL STRYD

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

## DANKBETUIGINGS

Graag wil ek langs hierdie weg my dank en waardering uitspreek teenoor alle persone en instansies wie se samewerking en hulpverlening my in staat gestel het om hierdie studie te voltooi, naamlik

1. Die seisoenwerkers van Ceres asook alle persone wie kosbare tyd afgestaan het ten op sigte van vraelyste en onderhoude.

2. My promotor, Prof. A.C. Redlinghuis, vir sy deskundigheid, leiding en bo alles belangstelling en motivering.

3. My medepromotors, dr. V. Taylor en dr. H.M. Wesso vir hul bystand en raad.

4. Die Sekondêre Skool Ceres vir die gebruik van hul rekenaar en Kevin Roux vir sy bystand op die rekenaar.

5. My ouers, familie en vriende vir belangstelling en aanmoediging.

6. En veral my vrou, Judy wat my onbaatsugtig aan die akademie afgestaan het.

Ceres

Oktober 1994

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1

### INLEIDING


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | Seisoenarbeid en Armoede in Perspektief | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling | 6 |
| 1.3 | Seisoenarbeid in Suid-Afrika as Navorsings-onderwerp | 12 |
| 1.4 | Relevansie van Navorsing | 17 |
| 1.5 | Teoretiese Raamwerk | 18 |
| 1.6 | Begripsverklaring : 'n Werksdefinisie vir Seisoenarbeid | 23 |
| 1.7 | Navorsingsmetodologie | 25 |
| 1.8 | Samevatting | 27 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

### HOOFSTUK 2

### HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SEISOENARBEID IN CERES


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleidng | 29 |
| 2.2 | Ontwikkeling in die Distrik | 30 |
| | 2.2.1 Groei van die Sagtevrugtebedryf | 30 |
| | 2.2.2 Arbeidsontwikkeling : 'n Historiese Perspektief | 31 |
| 2.3 | Die Sentralisering van Sagtevrugte-Ondernemings in Ceres | 37 |




https://etd.uwc.ac.za/

2.4 Die Tradisionele Seisoensiklus 43

2.5 Samevatting 47

HOOFSTUK 3

SOSIO-EKONOMIESE IMPAK VAN SEISOENARBEID

3.1 Inleiding 49

3.2 Die Profiel 49

3.2.1 Geslag 49

3.2.2 Huwelikstatus 53

3.2.3 Verwantskap van Seisoenwerker tot Huishouding 55

3.2.4 Ouderdom 60

3.2.5 Opvoedkundige peil 61

3.2.6 Huishoudinggrootte 64

3.2.7 Die Werksituasie 67

3.2.8 Inkomsteposisie 69

3.2.8.1 Seisoentyd 69

3.2.8.2 Die Afseisoen 71

3.3 Die Seisoenwerkerbestaan 73

3.3.1 Huishoudinginkomste 73

3.3.2 Die Voortbestaan in die Afseisoen 77

3.3.3 Welvaartspeil 79

3.4 Toekomspersepsie 90

3.5 Samevatting 96



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

## HOOFSTUK 4

## SEISOENARBEID : 'N EVALUASIE

4.1 Inleiding 98

4.2 Die Verlengde Werkseisoen 99

4.3 Bevindinge ten opsigte van die Sosio-Ekonomiese Impak van Seisoenarbeid 103

4.4 Aanbevelings 107

4.5 Slotopmerkings 111

**BIBLIOGRAFIE** 115

**ADDENDUM** 120

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

**LYS VAN TABELLE**


| Tabel no. | Titel | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | Werkgeleentheidstruktuur - Ceres | 7 |
| 2.1 | Die duur van die werkseisoen | 46 |
| 3.1 | Geslag | 49 |
| 3.2 | Waarom is seisoenwerkers hoofsaaklik vrouens? | 50 |
| 3.3 | Huwelikstatus | 53 |
| 3.4 | Verwantskap van die seisoenwerker | 56 |
| 3.5 | Verwantskap teenoor ouderdom | 58 |
| 3.6 | Ouderdom | 60 |
| 3.7 | Opvoedkundige peil | 61 |
| 3.8 | Opvoedkundige peil teenoor ouderdom | 62 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

3.9 Ouderdomsverspreiding van kinders in huishouding 64

3.10 Verwantskapslede in seisoenwerkers-huishouding 65

3.11 Werksituasie na afloop van werkseisoen 67

3.12 Nagskofwerk teenoor maandloon 70

3.13 Nagskofwerk teenoor verwantskap 70

3.14 Huishoudinggrootte teenoor huisinkomste 74

3.15 Huishoudinginkomste teenoor seisoenwerkers in diens/afgesit 75

3.16 Voortbestaan in die afseisoen 77

3.17 Aanwending van seisoeninkomste 80

3.18 Aanwending van seisoeninkomste teenoor verwantskap 81

3.19 Omsetfluktuasie van meubelwinkel 82

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

3.20 Aanwending van geleende geld 88

3.21 Toekomspersepsie 90

3.22 Toekomspersepsie Teenoor Verwantskap 93

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

## LYS VAN FIGURE


| Figuur no. | Titel | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Ceres - Oriëntering | 7 |
| 2 | Indiensname - CfG | 43 |


UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1. SEISOENARBEID EN ARMOEDE IN PERSPEKTIEF

"I settled down in the village on August 28 last year but by mid September I had already learned of the hard days of the "enzala", i.e. hunger or famine which annually occurs between February and May," (Chambers et_al, 1981:1).

Bostaande is 'n aanhaling uit die navorsing van Joseph Ssennyonga terwyl hy in die weste van Kenia met sy ondersoek besig was. Dit was deel van 'n spesifieke multidissiplinêre navorsingsprojek waar die implikasies van tropiese seisoengebondenheid ten opsigte van landelike armoede nagevors is. Chambers (1981), 'n spesialis in landelike ontwikkeling, is dit eens dat multidissiplinêre navorsing nodig is om 'n omvattende begrip te verkry van die impak van seisoengebondenheid ten opsigte van produksie en arbeid op landelike gebiede. Verder is hy oortuig daarvan dat die vakgebied geografie hom die beste daartoe leen om die verband tussen seisoengebondenheid en armoede te ondersoek. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die omgewingsdeterminisme wat opgesluit lê in 'n tropiese seisoengebondenheid nie eintlik 'n aanvaarde benadering in geografie is nie. Alhoewel daar bepaalde vooroordele teenoor omgewingsdeterminisme bestaan, bevind Chambers dat die hipotese dat "adverse seasonalities operate to keep poor people poor or make them poorer is sufficiently plausible to deserve

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

examination" (1981: 2).

Die navorsing het gefokus op die verband wat daar in tropiese gebiede mag bestaan tussen seisoensiklusse en landelike armoede. Die opeenvolging van seisoene, elk met sy eie besondere kenmerke, lei tot bepaalde sosio-ekonomiese aktiwiteite. Die scenario is dat die sosio-ekonomiese aktiwiteite binne die opeenvolging van tropiese seisoene landelike armoede versterk. Die uiteindelike bevinding was dat die wêreld se armste inwoners in tropiese gebiede leef.

Dit is bevind dat kleinboere en nie-grondbesitters met die aanbreek van die nat seisoen (voorafgegaan deur voedselskaarste, wan-en ondervoeding en algehele geldgebrek) op ryker boere se grond vir 'n loon werk. Terwyl die nie-grondbesitter sy/haar hoogste loon ontvang, is die kleinboer se verlies aan produksie op sy/haar eie grond groter as die waarde van sy loon. Met goedgunstige optredes (lojaal en produktief) teenoor die ryk boer verseker die seisoenwerker enersyds 'n werkgeleentheid vir die volgende seisoen en verbind hy/sy hom/haar andersyds tot die weldoener.

Hierdie "seisoen-druk" dra by tot 'n patroon van skuld en afhanklikheid. Dit is binne hierdie konteks dat Chambers die volgende noem: "They are thus screwed down seasonally into subordinate and dependent relationships in which they are open to exploitation. The poor are subordinate to the less poor and the



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

weak to the strong. Sometimes the screw becomes a ratchet, an irreversible downward movement into deeper poverty as assets are mortgaged or sold without recovery. This is, then, a time when poor people are kept poor and a time when they become poorer" (1981: 5). Hierdie woorde vind direkte weerklank in die eksploiterende kragte van kapitalisme. Diegene met die middele van produksie tot hulle beskikking is in staat om die "seisoen-druk" te bowe te kom ten koste van die ander. Omdat die arm landbouer reeds in 'n skuldlas gedompel is, en sy/haar afhanklikheid teenoor die ryker boer vergroot, het hy/sy geen keuse as om sy/haar arbeid die volgende seisoen te verkoop in plaas van sy eie grond te bewerk nie. Die gevolg is dat hy/sy beheer verloor oor sy/haar middele van produksie sodat hy/sy nie in staat is om die druk van opeenvolgende nat en droë seisoene te hanteer nie. Omdat die arm landbouer nie deel is van die dominante mode van produksie nie, is hy/sy met sy/haar bestaansekonomiese leefwyse ondergeskik aan kapitalistiese verhoudinge (Overton, 1988: 8).

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Overton (1988) voer aan dat bostaande mode van produksie-benadering vir sommige geograwe te strukturalisties is omdat hier aanvaar word dat mense en hul gedrag gedetermineer word deur hul posisie in 'n gegewe struktuur, hetsy klas of politiek. Hy gaan voort deur te noem dat, wanneer hierdie benadering uitgebrei word tot 'n politiek-ekonomiese teoretiese benadering, dit 'n belangrike middel in geografiese analise is.



https://etd.uwc.ac.za/

Carlos sluit aan by hierdie politiek-ekonomiese benadering deurdat hy die seisoenmigrasie wat oor die grense van Mexiko en die VSA plaasvind, as deel beskou van die internasionale verplasing van arbeid tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande. Hy laat hom in die verband soos volg uit: "When large scale enterprises are agricultural and require large supplies of seasonal labor, the international labor transfer process produces the creation of dependent labor pools of readily available, and cheap labor in strategic points throughout the world, including the Mexico-US nexus" (1990: 103).

Alhoewel seisoenwerkers (saam met grootskaalse kapitaal-beleggings) in Kalifornië die grondslag vorm vir die historiese ontwikkeling en vooruitgang van die landbou, maak hulle egter deel uit van 'n permanente klas arm plaaswerkers wie se betrokkenheid in die landbou nie bydra tot hul eie ekonomiese vooruitgang nie. Verder is Carlos die mening toegedaan dat die invoer van goedkoop seisoenarbeid deur die landbou ongelykhede skep en dat "large scale agriculture in California and the U.S. creates and perpetuates this international poverty group" (Carlos, 1990: 104).

Die lone wat seisoenwerkers ontvang, is op die bestaansvlak en "leave the labouring household little to carry over into periods of slack activity" (Chambers et al, 1981: 93). 'n kenmerk van dié gemeenskappe is dat die bietjie wat in die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

nat seisoen geakkumuleer word, onmiddellik verbruik word. Daar bly dus geen of weinig oor om in noodgevalle te gebruik of vir die komende afseisoen te spaar. Breman (1984) vind direk aansluiting hierby wanneer hy noem dat die onvermoë van die seisoenwerker om te spaar, daartoe lei dat hy/sy geen reserwes het om op terug te val in die afseisoen nie. Die neiging om alles te verbruik in plaas van om te spaar, is 'n inherente kenmerk van armoede. In sy bevindinge ten opsigte van landelike armoede verwys Redlinghuis (1986) ook na hierdie tendens binne armoede gemeenskappe.

In sy studie ten opsigte van seisoenarbeid in die suikerriet-plantasies van Suid-Gujarat sluit Breman (1984) ook aan by die armoedebestaan van seisoenwerkers. Dit is juis die geweldige omvang van hul armoede en werkloosheid gedurende die afseisoen wat seisoenwerkers verbind tot 'n jaarlikse seisoenmigrasie. Die kern van die probleem is dat seisoenarbeid gepaard gaan met 'n verlaagde inkomste en selfs werkloosheid in die afseisoen. In dié verband noem Anderson (1990: 1139) dat "seasonal reductions in income are considered especially deleterious to the welfare of workers".

In streke wat nie gekenmerk word deur skerp gedefinieërde werkseisoene nie, mag die armes dit heeljaar moeilik vind om te oorleef sonder enige krisisse (ineenstorting van sy/haar ekonomiese bestaan), maar daar bestaan ook nie die moontlikheid



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

van 'n "opflikkering" soos verkry uit 'n seisoeninkomste nie. "But where there are sharp seasonal contrasts, there are times each year when life is relatively easy (usually the early dry season) and times when the experience of poverty reaches crisis point (usually during the rains and up to the harvest) (Chambers et al, 1981: 218). Die eintlike dilemma hier is dat die arm, landelike inwoners nie oor die middele beskik om hierdie krisis die hoof te bied nie. As gevolg van skuldlas en 'n reeks afhanklike verhoudings met hul "weldoeners" (ryk boere) is die arme weerloos teen die eksploiterende, kapitalistiese kragte. Sy/haar seisoenarbeid strek tot voordeel van die ryk landbouer en is bloot 'n strategie om die honger seisoen te oorleef.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Die studieonderwerp is beperk tot die landdrosdistrik Ceres. Die navorsing konsentreer by uitstek op die stedelike bewoners van Ceres wat seisoenwerk verrig in die plaaslike seisoengeoriënteerde vrugtefabrieke. Dit word egter terdeë besef dat die historiese ontwikkeling van seisoenarbeid nie losgemaak kan word van die breër Ceres-distrik nie, en word dan ook as sulks in die tweede hoofstuk behandel.

Binne die raamwerk van die breër Wes-Kaaplandprovinsie is Ceres, tesame met Elgin-Grabouw, van die belangrikste "sagtevrugte-dorpe" in die land. Die ekonomie van die Wes-Kaaplandprovinsie steun



https://etd.uwc.ac.za/

swaar op primêre bedrywe soos landbou en vissery. Die sagtevrugtebedryf oorheers die ekonomie van die provinsie en het gedurende 1991 bygedra tot 36% van die totale landbou-uitvoerverdienste van die RSA (Sagtevrugteboer, 1992: 170). Die bedryf het 'n sterk seisoengeoriënteerde arbeidsmag deurdat 60 000 van sy totale arbeidsmag van 160 000 seisoenwerkers is (Unifruco, 1992: 22).

Net soos die Wes-Kaaplandprovinsie beskik Ceres ook oor 'n sterk ontwikkelde seisoenarbeidsmag. Na die nuwe streekindeling val Ceres as landdrosdistrik binne die Bolandsubstreek in die Wes-Kaaplandprovinsie. (Sien Oriënteringskaart, figuur 1). Die omvang van die seisoenarbeidsmag van Ceres word aan die hand van tabel 1.1 ontleed. Dit sluit slegs die stedelike gebied van Ceres in.


UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Uit 'n totale bevolking van 18600 is 25,3% (4709) ekonomies aktief. Die tabel reflekteer baie duidelik dat die werkgeleentheidstruktuur van Ceres sterk gekoppel word aan die sagtevrugtebedryf. Dit gee daartoe aanleiding dat die sagtevrugtebedryf die grootste enkele verskaffer van werk in Ceres is. Die nywerheidstruktuur word oorheers deur sagtevrugteverpakkings- en verwerkingsfabrieke. Dit sluit die volgende in: Ceres Fruit Growers (CFG), Ceres Fruit Juices (CFJ), Ceres Food Industries (CFI), Du Toit Vrugte, Associated Interests, Ceres Koöp Koelkamers, Ceres Vrugtedroëry (CVD) en Cape Cool.



https://etd.uwc.ac.za/

**Figuur 1. Wes-Kaapprovinsie : Streekindeling**




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

TABEL 1.1: **WERKGELEENTHEIDSTRUKTUUR - CERES**

| Naam | Blank | Kleurling | | Swart | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Heeltyds | Heeltyds | Seisoen | Heeltyds | Seisoen | Heeltyds | Seisoen |
| Ceres Fruit Growers | 95 | 775 | 460 | 62 | 57 | 932 | 517 |
| Ceres Fruit Juices | 49 | 139 | | 32 | | 220 | |
| Du Toit Vrugte | 22 | 211 | 224 | 20 | 12 | 253 | 236 |
| Associated Interests | 12 | 35 | 8 | 7 | 8 | 54 | 16 |
| Ceres Koöp Koelkamers | 8 | 18 | | 10 | | 36 | |
| Ceres Food Industries | 18 | 48 | 101 | 24 | 101 | 90 | 202 |
| Ceres Vrugte Droery | 3 | 35 | | | 100 | 38 | 100 |
| Cape Cool | 1 | 6 | 54 | | | 7 | 54 |
| Munisipaliteit | 68 | 208 | | 54 | | 30 | |
| Streekdienste Raad | 23 | 17 | | 4 | | 44 | |
| Du Toit Boerdery | 17 | 5 | | 1 | | 23 | |
| Ander | 538 | 879 | | 140 | | 1557 | |
| Totaal | 854 | 2376 | 847 | 354 | 278 | 3584 | 1125 |

Statistiek verskaf deur Ceres Munisipaliteit soos op 4 November 1992.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

Uit tabel 1.1 is dit ook duidelik dat 3584 (76,1%) van die ekonomies aktiewe deel van die bevolking heeltyds indiens is. 'n Verdere 1125 (23,9%) van die ekonomies aktiewe bevolking word as seisoenwerkers indiens geneem in ses van bogenoemde fabrieke. 59% van die ekonomies aktiewe deel van die bevolking is werksaam in die sagtevrugtebedryf. In totaal is 40,6% van die werknemers in die sagtevrugtebedryf seisoengebonde, en bestaan uitsluitlik uit "kleurlinge" en swartes.

Die vrugtefabrieke word gekenmerk deur 'n werkseisoen vanaf Januarie tot Mei en 'n afseisoen vanaf Junie tot Desember. Verder het die werkseisoen ook 'n spitstyd (Februarie tot April) wanneer die maksimum seisoenwerkers hulle in die vrugtefabrieke bevind. Die afsit van seisoenwerkers begin reeds vanaf Aprilmaand totdat die minimum indiensnemingsvlak in die afseisoen bereik word. Indien 'n goeie oesjaar ondervind is, kan die afsit van seisoenwerkers eers teen Juniemaand plaasvind. Seisoenwerkers word by sommige fabrieke tot twee weke vooraf verwittig wanneer hy/sy afgesit gaan word.

Dit is van groot belang om vas te stel in watter mate huishoudings oorleef wanneer die werkseisoen voltooi is. Gepaardgaande hiermee is dit ook van essensiële belang om te bepaal hoeveel van die seisoenwerkers ná afloop van die werkseisoen opgeneem word in ander sektore van die arbeidsmark van Ceres aangesien die werkgeleentheidstruktuur baie beperk is in plattelandse dorpe.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Volgens die 1991-Arbeidstatistek van die Departement van Mannekrag het Wes-Kaapland, naas Natal, die hoogste geregistreerde werkloosheidsyfer in die land. Die streek het 'n totale werkloosheidsyfer van 41 819 getoon teenoor die 21 496 van die Oos-Kaapstreek (wat ook oorwegend landbougeoriënteerd is). Omdat die sensusopname op 6 en 7 Maart 1991 gedoen is, is dit waarskynlik dat die werkloosheidstatistiek 'n ondertelling behoort te wees omdat die opname gedurende die seisoentyd plaasgevind het. Gesien teen die agtergrond van die groot seisoenarbeidsmag en die beperkte werkgeleentheidstruktuur is dit vanselfsprekend dat werkloosheid toeneem gedurende die afseisoen.

Indien die seisoenwerker na afloop van die werkseisoen nie elders 'n heenkome vind nie, kan verwag word dat dit 'n nadelige uitwerking sal hê op die reeds beperkte inkomste van die werkersklashuishouding. Volgens die UPE se Instituut Vir Beplanning was die minimumbestaanspeilinkomste vir lae inkomstegesinne (wat uit 6 lede bestaan) gedurende September 1993, R941,86 in Kaapstad en omgewing (Potgieter, 1993:77). Ongelukkig is so 'n opname nie deur die Instituut gedoen vir plattelandse gebiede nie.

In die navorsinggebied ter sprake, naamlik Ceres, is die situasie kommerwekkend omdat die gemiddelde huishoudinggrootte van die steekproef 7,2 lede is. 25% van die huishoudings het 'n grootte van 10 lede en meer. Die huishoudinggrootte plaas dus geweldige



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

druk op die minimumbestaanpeilinkomste van die huishouding van die seisoenwerker. Dit is van groot belang om vas te stel hoeveel van hierdie huishoudings die minimumbestaanspeil handhaaf en indien nie, hoe die betrokke huishouding homself onafhanklik handhaaf na afloop van die werkseisoen.

Hierdie studie spits hom toe op die werkersklaskorps. Gesien teen die agtergeblewe, ekonomiese posisie van werkersklas-huishoudings, moet die verdienstekapasiteit van ekonomies aktiewe persone maksimaal benut word. Navorsing het allerweë bevind dat dit juis in hierdie huishoudings is dat kinders op 'n vroeë ouderdom tot die arbeidsmark toetree (Terreblanche, 1977) en getroude vrouens hoofsaaklik buitenshuis werk (Van Der Walt, 1987). Sodanige inkomstes word nie as aanvullend beskou nie, maar maak wel deel uit van 'n daaglikse oorlewingstryd. Seisoenarbeid impliseer dat 'n deurlopende inkomste ontbreek en dit het 'n noodwendige impak op die verdienstekapasiteit van huishoudings. Navorsing het bevind dat gebrekkige verdienstekapasiteit een van die vele oorsake van primêre armoede is (Strauss, 1987: 16).

Die verlaagde inkomste van seisoenwerkers as gevolg van deeltydse werk en werkloosheid gedurende die afseisoen kan as kragte geïdentifiseer word wat armoede veroorsaak en perpetueer. Ten opsigte van die oorsaaklikheid van armoede in tropiese gebiede van die wêreld laat Chambers hom soos volg uit: "seasonality provides conditions which enable other forces which create and sustain



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

poverty to act more powerfully" (1981: 223). Hy gaan voort deur te noem dat slegs wanneer seisoengebondenheid geëlimineer word, die kragte sal verswak wat armoede in die hand werk.

Daar sal bepaal moet word in welke mate die voorkoms van chroniese armoede in Ceres deur onder andere seisoenarbeid perpetueer word. Dit is insiggewend dat die seisoenarbeider vanuit die totale Ceres-werkersklasgemeenskap getrek word. Dit sluit in broodwinners, eggenotes, enkelouers, weduwees, pensioenarisse en kinders. Hierdie verskeidenheid van kategorieë sal waarskynlik elk 'n eiesoortige impak hê op die ekonomiese bestaan van die onderskeie huishoudings. Dit kan ook gesuggereer word dat verskillende grade van armoede binne dieselfde werkersklasgemeenskap ervaar mag word. Dit op sigself bevestig die relatiwiteit van armoede.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Volgens die aanhaling van Joseph Ssennyonga (Chambers et al, 1981: 1) betree die Keniane 'n tydperk van honger en gebrek - "enzala"-in die somer. Ceres daarenteen betree sy afseisoen in die winter. Die vraag ontstaan wat die aard en omvang van die "Ceres-enzala" is. In hierdie konteks wil die studie fokus op die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid met spesifieke verwysing na die werk- én afseisoen.



https://etd.uwc.ac.za/

## 1.3 SEISOENARBEID IN SUID-AFRIKA AS NAVORSINGSONDERWERP

Met die soektog na plaaslik verwante literatuur is daar ontdek dat die studieonderwerp agterweë gebly het in terme van navorsing in Suid-Afrika. By verskeie geleenthede word verwys na die seisoenkarakter van die sagtevrugtebedryf sonder dat daar gedetailleerde sosiale impak-ondersoeke is. Dit word genoem dat seisoenarbeid nadelige gevolge inhou, maar die implikasies word nie uitgespel nie. In dié verband word daar aangehaal uit die Tussentydse Verslag Insake Ekonomiese Potensiaal van Wes-Kaapland van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (9 Mei 1979), Stellenbosch: "Daar moet ondersoeke wees rakende die gevolglike verlenging van deurlopendheid van werkgeleenthede gedurende die jaar ten einde die nadele van aanwysing op seisoenale inkomste vir hulle bestaan by werknemers te verlig" (Roets, 1979: par. 3.26). Sodanige navorsing ontbreek steeds en dit word waarskynlik aan die werkgewer self oorgelaat om maatreëls te tref aangaande die verlenging van die werkseisoen vir sy/haar werknemers.

Tydskrifte soos Sagtevrugteboer en Landbouweekblad en Unifruco publikasies verskaf indiensnemingstatistieke van die sagtevrugtebedryf en die gevolglike groeipotensiaal wat dit vir Wes-Kaapland inhou, terwyl daar nie gefokus word op die implikasies van die seisoengebondenheid ten opsigte van indiensneming nie.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Ten opsigte van onderhawige navorsingsterrein fokus genoemde literatuur op die ekonomiese vooruitgang van seisoengeoriënteerde bedrywe. So verskyn daar gereeld artikels en verslae oor die wetenskaplike en tegnologiese vordering ten opsigte van bespuiting, inenting, plaagbeheer, ontwikkeling van nuwe vrugtevariëteite, pakmateriaal en allerlei masjientoerusting. Dié literatuur lê ook baie klem op bemarking en produktiwiteit terwyl die algemene groei van die bedryf fyn gemonitor word. So beklemtoon die tydskrif "Sagtevrugteboer", mondstuk van die sagtevrugtebedryf, maandeliks die suksesverhale van individuele boere en maatskappye, terwyl die sosio-ekonomiese impak wat seisoenarbeid op sy werknemers het nie juis aandag geniet nie.

Alle aanduidings bestaan dat die huidige literatuur en navorsing die heersende mode van produksie ondersteun waarbinne die sagtevrugtebedryf opereer, sodat die bedryf sy kapitalistiese doelwit van winsoptimalisering kan bereik. Die belange van diegene (grondeienaars en kapitaliste) wat die kragte van produksie beheer word deurgaans beskerm om sodoende beheer oor die verhoudinge van produksie te behou.

Die afgelope dekade het landelike ontwikkeling as navorsingsonderwerp al hoe meer aandag begin geniet (Karp, 1976; Harris en Harris, 1989). Talle navorsingspublikasies is gewy aan die voorkoms van armoede, werkloosheid, sosio-ekonomiese ongelykhede en algemene ontwikkelingsagterstande in landelike



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

gebiede (Redlinghuis, 1981). Die bekamping van sosio-ekonomiese agterstande in landelike gebiede het aanleiding gegee tot die vorming van instansies soos onder andere die Landelike Stigting. Die Landelike Stigting doen opheffingswerk en onderneem projekte om die lewensgehalte van plaaswerkers te verhoog (Swanevelder et al, 1987: 238). Dit gaan gepaard met grootskaalse opgradering van gehaltebehuising vir plaaswerkers en die beskikbaarstelling van gesondheids- en gemeenskapsdienste. Die ironie is dat hierdie projekte gerig is op die permanente plaasbewoner, en seisoenwerkers hoofsaaklik daarvan uitgesluit word. Alhoewel die werkloosheidsversekeringswet uitgebrei is na plaaswerkers (wat ook seisoenwerkers insluit), is die Wes-Kaaplandse Landbou Unie van mening dat die toepassing daarvan nog vele probleme sal oplewer in die toekoms (Weiss, 1990: 52).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In 'n Sosiaal-Ekonomiese Profielstudie van die Elgin, Vyeboom en Grabouw areas (bekend as die ELVYGRA verslag) het Louw (1987) bevind dat seisoenarbeid 'n wesenlike impak op dié gemeenskap het. Die navorsing het die totale werkersklaskorps betrek wat toevallig ook seisoenwerkers by die steekproef ingesluit het.

Die ELVYGRA verslag identifiseer werkloosheid as 'n ernstige maatskaplike probleem. Die seisoengebondenheid van werkgeleenthede in die gebied word beskou as 'n belangrike oorsaaklike faktor ten opsigte van werkloosheid. Hierdie gemeenskap is gedurig onderworpe aan die fluktuasies van die



https://etd.uwc.ac.za/

sagtevrugtebedryf omdat indiensneming direk verband hou met die sukses van die oesjaar. Dit word as noodsaaklik beskou dat die sektorale basis van die plaaslike ekonomie verbreed moet word om sodoende die omgewing se afhanklikheid van die sagtevrugtebedryf te verminder. Dat seisoenwerkers nie die voordele van 'n vaste inkomste, sekuriteit en byvoordele het nie, hou ernstige implikasies vir hulle in. In dié verband ervaar hulle probleme om lopende uitgawes soos huur-, water- en elektrisiteitsrekeninge te dek. Hierdie probleme kom veral in die wintermaande voor wanneer die appelindustrie sy afseisoen beleef.

Die verslag het bevind dat 84,8% van die seisoen- en deeltydse werkers vrouens is. Dit hou implikasies in vir die ekonomies aktiewe vrouens omdat hulle uitgesluit word van 'n reeks byvoordele, soos pensioen en mediese voordele. Die navorsing het verder bewys dat vrouens sterk verteenwoordig is in laer besoldigde beroepe teenoor manlikes met dieselfde opvoedingspeil. Navorsing deur Kluggman (1983) en Meer (1991) bevestig dat geslagsdiskriminasie bestaan ten opsigte van lone en heeltydse werk. Daar word aanbeveel dat daar na die implikasies van hierdie diskriminasie gekyk moet word omdat die vrou 'n belangrike rol speel in die sagtevrugtebedryf. As seisoenwerkers deel hulle nie in die byvoordele wat die fabriek aanbied nie. Alhoewel beperk in omvang, is die ELVYGRA-verslag die eerste navorsing wat daadwerklik verwys na die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid. Die ander literatuur verwys na seisoenarbeid as



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

deel van die Suid-Afrikaanse trekarbeidstelsel.

May (1987) en Swindell (1979) verskil van die dualistiese analise waar teorieë ten op sigte van trekarbeid sentreer rondom stoot- en trekfaktore in 'n kern-periferiediktomie. May noem dat "much of the debate surrounding migration theory has adopted a historical interpretation, and has tended to avoid the dynamics at the individual level" (1987: 123). Verder word die positiewe en negatiewe aspekte van migrasie beklemtoon, en word daar klem gelê op die invloed wat stoot- en trekfaktore het op die individu se besluit om aan trekarbeid deel te neem. Die gevolg is dat hierdie benadering trekarbeid as verskynsel losmaak van sy breër, politieke en ekonomiese dimensies. In dié verband noem May dat trekarbeid (asook seisoenarbeid) as 'n stelsel buite die beheer van die individu lê, en gesien moet word as 'n "joint action by the state and capital, in order to meet the labour needs of the latter" (1987: 125). In hierdie hele proses speel die historiese vestiging van 'n goedkoop reserwe-arbeidsmag deur die vorige Apartheidstaat 'n belangrike rol. Dit is hierdie goedkoop arbeidsmag wat binne 'n trekarbeidstelsel die afhanklikheid van die periferie op die kerngebiede perpetueer. In dié verband sluit May by Jill Natrass se sienswyse aan dat die betrokkenheid van huishoudings by trekarbeid (wat ook seisoenarbeid insluit) nie 'n aangeleentheid van "eie keuse" is nie, maar eerder beskou moet word as 'n oorlewingstrategie (1987: 124).



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

May is ook van mening dat huidige navorsing te min aandag gee aan mikrovlaktoestande van huishoudings asook hul verhouding tot die breër ekonomie. Ten opsigte van die mikrovlak verwys Mgoqi (1991) ook na die sosiale kostes wat gepaard gaan met seisoengebondenheid en trekarbeid. Hy beskou dit as 'n grond-oorsaak vir die toenemende onstabiliteit van die gesinslewe.

Uit voorafgaande bespreking is dit duidelik dat gespesialiseerde of multidissiplinêre navorsing ten opsigte van seisoenarbeid in die Suid-Afrikaanse konteks grootliks ontbreek.

## 1.4 RELEVANSIE VAN DIE NAVORSING

Die voorkoms van chroniese armoede in plattelandse gebiede en die tekort aan navorsing ten opsigte van seisoenarbeid was van die belangrikste beweegredes vir hierdie projek. Dit is die doelwit van hierdie navorsing om die kennisgaping in dié Suid-Afrikaanse navorsingsveld te probeer vul.

Die feit dat Wes-Kaapland in die post-Apartheid provinsiale herindeling as 'n ekonomiese entiteit moet funksioneer, hou implikasies in vir hierdie streek. Met slegs Kaapstad as metropolitaanse gebied is die ekonomie van die streek grotendeels geskoei op landbou. Die streek se hinterland het 'n sterk landelike karakter wat gekenmerk word deur sosio-ekonomiese probleme soos werkloosheid en armoede. Verlaagde inkomste en



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

werkloosheid wat seisoenarbeid kenmerk, verdiep die armoedebestaan in landelike gebiede. Weens die regionale omvang van seisoenarbeid in Wes-Kaapland het die sosio-ekonomiese impak daarvan 'n breër, ruimtelike dimensie as slegs die studiegebied Ceres. Die navorsingsbevindinge van hierdie studieonderwerp behoort dus toegepas kan word op die breër Wes-Kaapland.

Die studie word op die mikroskaal hanteer om sodoende aansluiting te vind by May (1987) se aanbeveling dat huidige navorsing ten opsigte van trekarbeid én seisoengebondenheid moet konsentreer op die huishoudingsvlak en die verhouding tot die breër ekonomie.

Laastens wil hierdie navorsing in die veranderende politieke klimaat van 'n post-Apartheidera 'n definitiewe rol speel in die soeke na antwoorde op en vermindering van landelike ongelykhede soos beliggaam in die Wit Skrif van die Heropbou- en Rekonstruksieprogram (HOP) van 1994.

## 1.5 TEORETIESE RAAMWERK

Alhoewel hierdie studie baie klem laat val op ekonomies geografiese aspekte,is dit duidelik uit voorafgaande gedeeltes dat die studieonderwerp 'n sterk sosiaal geografiese ondertoon het.

Geografie bestudeer in hoofsaak die verhouding tussen die mens en sy omgewing asook die ruimtelike patrone wat daaruitvloei. Die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

ruimtelike patrone word egter gekenmerk deur strukturele ongelykhede en vind byvoorbeeld vergestalting in 'n kern-periferie model. In die Suid-Afrikaanse konteks word die oorsprong van hierdie ongelykhede in die eertydse Apartheid-ruimte-ekonomie gevind. Een van die boustene van hiérdie ekonomie was die historiese skep van 'n stelsel van goedkoop, ongeskoolde arbeid deur middel van heersende politieke en ekonomiese kragte en strukture. Politieke ekonomie as radikale, geografiese benadering ontleed die wisselwerking tussen die ekonomiese en politieke strukture. Juis omdat seisoenarbeid gesetel is in 'n goedkoop reserwe-arbeidsmag, dien politieke ekonomie as die ideale verklaringsmodel wat die kousale verband tussen seisoenarbeid en armoede ondersoek en verklaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Peet en Thrift (1989: 3) laat hulle soos volg uit omtrent politieke ekonomie: " The term does not imply geography as a type of economics. Rather economy is understood in its broad sense as a social economy, or way of life, founded in production. In turn, social production is viewed not as a neutral act by neutral agents but as a political act carried out by member of classes and other social groupings." In 'n voorafgaande gedeelte sluit May (1987) direk by hierdie sienswyse aan. Uit bostaande aanhaling is dit duidelik dat politieke ekonomie die sentrale uitgangspunt het dat die ekonomie beheer word deur onderliggende politieke kragte en strukture. In die Suid-Afrikaanse konteks word die politieke kragte en strukture deur die eertydse Apartheid-ideologie



https://etd.uwc.ac.za/

gereflekteer. Die ideologie word dan gemanifesteer in 'n Apartheid-kapitalistiese samelewing wat gekenmerk word deur inherente, strukturele ongelykhede. Die vraag ontstaan watter rol die heersende sosio-politieke strukture speel om volgehoue produksie in die sagtevrugtebedryf te verseker en sodoende die belange van die besitterklas te beskerm. Hierdie filosofiese raamwerk is die ideale een waarbinne die spesiale aard van die Apartheid-ruimtelike ekonomie verstaan kan word.

Suid Afrika word daardeur gekenmerk dat hy 'n swart werkersklasbevolking (alle nie-blankes) het, terwyl die besitterklas hoofsaaklik wit is. Gedurende die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog is die "arm-blankevraagstuk" deur die heersende regering onder loep geneem. Die strukturele ongelykhede wat hieruit voortgevloei het, was beslis nie "a neutral act by neutral agents" nie, maar "a political act carried out by members of classes" (Peet en Thrift, 1989: 3). Sampie Terblanche en Nicoli Nattrass stel dit soos volg: "new discriminatory laws were added to the existing arsenal, the bureaucracy and parastatal sector was enlarged in order to generate Afrikaner employment opportunities, and a variety of welfare programmes were launched to redistribute wealth and uplift the poor (mainly Afrikaner) white population" (Nattrass en Ardington, 1990: 12). Sodoende het sosio-politieke strukture die blanke gevestig in 'n middelklasposisie. Aan die anderkant het die ontoeganklikheid tot die middele van produksie 'n groot, ongeskoolde, swart arbeidsmag geskep.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Dit is dan hierdie ongeskoolde, swart arbeidsmag met sy swak bedingingsvermoë wat hom ideaal geskik maak vir die arbeidsintensiewe seisoenarbeid. Dit is in hiérdie verband dat Carlos (1990) noem dat die internasionale arbeidsverplasing-proses 'n afhanklike en goedkoop arbeidsmark in strategiese plekke skep. As gevolg, van die groot reserwe-ongeskoolde arbeidsmag is dit relatief maklik om jaarliks seisoenarbeiders te werf. Die afhanklikheid en magteloosheid van die seisoenarbeidsmag lei daartoe dat die seisoenwerker geen ander keuse het as om sy/haar arbeid aan die kapitalis te verkoop nie. Sy/haar swak bedingingsvermoë maak hom/haar weerloos teen die eksploiterende, kapitalistiese kragte.

Binne hierdie filosofiese raamwerk wil die navorsing die ongelyke inkomste verspreiding en sosiale verhoudinge van produksie in die arbeidsproses verklaar. Die navorser is van mening dat nie opvoedkundige peil nie, maar wel politieke strukture die inkomste verspreiding binne die werkersklas bepaal. In landelike gebiede word dikwels bevind dat gematrikuleerde persone met ongeskoolde persone kompeteer om dieselfde werkgeleenthede en lone. Aan die anderkant het werkreservering binne die politieke bestel van apartheid die bevoorregte minderheid bevoordeel. Die middele (kragte) van produksie soos kapitaal en grond is in beheer van die vrugteboer. Met die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Apartheidstaat het die vrugteboer



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

(en die staat) totale beheer verkry oor die verhoudinge van produksie. In hierdie konteks het die seisoenwerker geen beheer oor die terme waarop hy/sy hom/haar arbeid verkoop nie. McGrath skryf dat die ekonomiese groei wat uit Apartheid gevloei het, altyd tot die voordeel van die wit werker en kapitalis gestrek het. Dit het loonverskille tussen wit en swart werkers vergroot (1990: 2), en gevolglik het dit chroniese armoede by swart gemeenskappe bevorder. Hieruit is dit duidelik dat die verskynsel van armoede uit 'n strukturele perspektief benader moet word. In die verband noem Redlinghuis dat armoede ook sterk gekoppel word aan die beheer en verspreiding van bronne en middele soos opgesluit in politieke, opvoedkundige, kulturele en maatskaplike geleenthede (1986: 2).

Chambers sluit indirek aan by hierdie strukturele perspektief wanneer hy noem dat seisoengebondenheid die betrokkenes binne 'n reeks afhanklike verhoudinge dwing - waar hulle veral 'n onderdanige rol speel, en bloot gestel word aan eksploitasie Chambers et al, 1981: 5). Die seisoengebondenheid maak hulle dus kwesbaar om hulleself, families of ouers te onderhou. Sodoende bevind die seisoenarbeider hom in 'n groef van seisoengebondenheid. In hierdie konteks kan die volgende vraag dus in die woorde van Chambers gestel word: "Are the poor people kept poor?".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

Die relevansie van die politiek-ekonomiese raamwerk lê daarin opgesluit dat dit 'n holistiese verklaring bied vir die ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing.

## 1.6 BEGRIPSVERKLARING: 'N WERKSDEFINISIE VIR SEISOENARBEID.

Die konsep seisoenarbeid word in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal omskryf as "werk wat alleen op 'n sekere tyd van die jaar gedoen kan word". Die tyddimensie staan sentraal in hierdie konsep. Dit kan egter nie losgemaak word van die ruimtelike dimensie nie omdat die proses binne 'n gegewe ruimte moet plaasvind. Soos reeds genoem, maak die tyd-ruimtelike dimensie die konsep seisoenarbeid 'n sterk geografiese een. Konsepte wat hiermee saamhang en dikwels in die studie genoem word, is seisoenwerker, werkseisoen, afseisoen en spitstyd.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Met die empiriese navorsing het dit vir die navorser gou duidelik geword dat die konsepte "broodwinner en enkelouer" 'n breër omskrywing aanneem en hulle word ook as sulks gehanteer. Vervolgens word die onderskeidende kenmerk van elke werks-definisie verskaf, soos van toepassing in hierdie studie.

### 1.6.1. SEISOENWERKER

Dit is die persoon wat op 'n jaarlikse grondslag vir 'n gedeelte van die jaar by een van die vrugtefabrieke in Ceres werk. In kontras hiermee is daar die permanente of heeltydse werker wat



https://etd.uwc.ac.za/

dwarsdeur die jaar by dieselfde vrugtefabrieke werk.

### 1.6.2. AFSEISOEN

Die afseisoen is dié periode wanneer seisoenwerkers afgesit is tot die volgende werkseisoen. Die aanvang van die winter is vir die meeste seisoenwerkers aanduidend van die afseisoen. Dit strek normaalweg vanaf Junie- tot Desembermaand.

### 1.6.3 DEELTYDSE WERK

Binne die afseisoen is daar ook seisoenwerkers wat op 'n deeltydse grondslag by die vrugtefabrieke werk. Soms werk hulle twee tot drie dae per week of soms elke alternatiewe week.

### 1.6.4 BROODWINNER

Tradisioneel verwys die konsep broodwinner na die hoof van die huishouding. In hierdie navorsingsprojek is die broodwinner nie noodwendig die hoof van die huishouding nie. Dit word gekoppel aan inkomstekapasiteit. In gevalle waar die hoof van die huishouding werkloos is, word seisoenwerkers (dikwels die eggenote) soms as broodwinners beskou. Enkelouers wat 'n kamer huur, word ook as broodwinners beskou. Pensioenarisse aan wie kleinkinders toevertrou is, en die huishouding instand hou, is in hierdie studie ook broodwinners.

### 1.6.5 ENKELOUER

Vir hierdie navorsingsprojek vereis die konsep enkelouer 'n



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

fyner omskrywing. Dit verwys hoofsaaklik na die ongehude moeder. Die grootste persentasie van hulle is woonagtig in die ouerhuis, maar voer aan dat hulle grotendeels verantwoordelik is vir die grootmaak van hul kind(ers). Hierdie klassifkasie is noodsaaklik vir die navorsingsprojek omdat die enkelouer se betrokkenheid by seisoenarbeid 'n eiesoortige sosio-ekonomiese impak op sy/haar bestaan behoort te hê.

## 1.7 **NAVORSINGSMETODOLOGIE**.

Wat die navorsingsmetodologie betref, is van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes gebruik gemaak. 'n Ewekansige steekproefopname is uitgevoer wat 10% van die seisoenwerkers in Ceres verteenwoordig. Daar is uiteindelik met 126 seisoenwerkers onderhoude gevoer, waarvan die meerderheid verteenwoordigend is van die grootste fabriek, naamlik Ceres Fruit Growers. Die steekproef kan as redelik verteenwoordigend beskou word omdat die navorsingspopulasie homogeen is. Daar is hoofsaaklik van die vraelys as kwantitatiewe navorsingstegniek gebruik gemaak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die opname is geloods gedurende die Junie-skoolvakansie, vanaf 28 Junie tot 16 Julie 1993. Op hierdie tydstip was 69,8% van die seisoenwerkers reeds afgesit vir die werkseisoen. In Ceres verwys die term "afkap" na die afsit vir die werkseisoen.

Probleme wat ondervind is, was die volgende:



https://etd.uwc.ac.za/

a. Dit was moeilik om een betrokke fabriek se respondente op te spoor omdat die betrokke fabriek nie 'n adreslys van sy seisoenwerkers het nie.

b. Soms moes 'n tweede besoek by 'n respondent afgelê word, omdat respondente wat reeds afgesit was, uitstedig was.

c. Die vraelysopname was baie tydrowend omdat die navorser dit alleen gedoen het. Dit was egter die moeite werd omdat volledige en waardevolle inligting verkry is.

d. Heelwat respondente het die persepsie gehad dat die navorser gaan toesien dat hulle in die toekoms heeltyds in die fabriek sal werk.

e. In 'n paar gevalle wou die respondente die navorser nie te woord staan nie omdat hulle hom beskou het as 'n beampte van die Vakbondunie en hulle "niks met die Unie te doen wil hê nie".

f. As 'n inwoner van Ceres het respondente die navorser in hul vertroue geneem en hul maatskaplike probleme met hom gedeel. By twee huishoudings moes die navorser aansoeke om pensioen- en ongeskiktheidstoelae voltooi.

Die vraelyste is aangevul deur gestruktureerd geskeduleerde onderhoude met personeelbestuurders, arbeidsbestuurders, die gemeenskapsontwikkelaar van Ceres, die Stadsklerk, 'n segspersoon van die Vakbondunie FAWU en vrugteboere. Indiensnemingstatistieke



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

van die grootste fabriek, Ceres Fruit Growers, asook munisipale statistieke is gebruik om die omvang te bepaal van seisoengeoriënteerde werkgeleenthede.

Om die data te analiseer, is daar gebruik gemaak van UWK se SPSS-rekenaarprogram. Die empiriese gedeelte van die navorsing is aangevul deur 'n literatuurstudie.

Die toepassing van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe tegnieke is 'n poging om tot dieper insigte en verklarings te kom.

## 1.8 SAMEVATTING

Alhoewel die studieonderwerp fokus op die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid, het dit tog 'n sterk sosiaal geografiese ondertoon. Soos bevind deur 'n vorige skrywer leen die onderwerp hom tot multidissiplinêre navorsing (Chambers et al, 1981). In dié verband word geografie as 'n ideale dissipline beskou om 'n sintese te bewerkstellig.

Die aard van die onderwerp is sodanig dat dit binne die verkose politiek-ekonomiese raamwerk bestudeer is. Die benadering leen hom daartoe om die wisselwerking en interverhoudinge van veranderlikes binne 'n sisteem van seisoenarbeid te verstaan. Juis omdat die studieonderwerp 'n holistiese beskouing vereis, is die politiek-ekonomiese benadering deur die navorser gekies.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Die beknopte literatuuroorsig in die hoofstuk is 'n aanduiding daarvan dat die navorsingsonderwerp nie tot sy reg kom in die Suid-Afrikaanse konteks nie. In hierdie opsig is dit veral die kwalitatiewe dimensie wat ontbreek. Die internasionale literatuur kontekstualiseer seisoenarbeid hoofsaaklik binne die scenario van 'n armoedebestaan in landelike gebiede.

Die tekortkominge ten opsigte van die Suid-Afrikaanse navorsing, asook die doelstellings van die studieonderwerp, laat die navorser geen ander keuse as om seisoenarbeid as geografiese probleem op die mikroskaal te hanteer nie. In hierdie hoofstuk is die probleem uitgespel soos wat dit in Ceres gemanifesteer word, en is die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid die kern van die ondersoek. Dit gaan in die navorsing om die algemene tesis dat seisoenarbeid armoede perpetueer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In hoofstuk twee word 'n histories geografiese oorsig gegee van die ontwikkeling van seisoenarbeid in Ceres. Hierdie hoofstuk word as belangrik beskou omdat daar teruggedelf word in die ekonomiese ontwikkeling van die Ceres-distrik as 'n geheel. Die waarde van die histories geografiese oorsig lê daarin opgesluit dat dit huidige prosesse in perspektief plaas.



https://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 2

# HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SEISOENARBEID IN CERES

## 2.1 INLEIDING

Die sagtevrugtebedryf is reeds 'n eeu oue bedryf in Wes-Kaapland. Volgens Unifruco, amptelike mondstuk van die sagtevrugtebedryf, het die bedryf reeds aan die begin van die 1992-vrugteseisoen sy honderdste jaar van georganiseerde vrugte-uitvoer gevier. Dit is duidelik dat die bedryf 'n sterk historiese verbintenis met die ekonomiese ontwikkeling van die Wes-Kaap het.

Kenmerkend van sentraleplekdorpe is sy onlosmaaklike verbondenheid aan sy hinterland. Die wese en groei van so 'n dorp hang direk saam met die ontwikkeling van sy omliggende, landelike invloedsfeer. So moet die ontwikkeling van seisoenarbeid in Ceres in die breër konteks van die landbou-ekonomiese ontwikkeling van sy hinterland beskou word.

Hierdie hoofstuk het dit ten doel om eerstens 'n oorsig te gee van die vestiging van die seisoengeoriënteerde sagtevrugtebedryf in die Ceres-distrik, en tweedens van die vestiging en groei van seisoengeoriënteerde ekonomiese bedrywe in Ceres. Laastens sal daar gekyk word na die omvang van 'n tipiese seisoensiklus in Ceres.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

## 2.2 ONTWIKKELING IN DIE DISTRIK

### 2.2.1 GROEI VAN DIE SAGTEVRUGTEBEDRYF

Die grootskaalse ontwikkeling van die vrugte-uitvoerbedryf het saamgeval met die aanleg van die spoorlyn wat in 1912 tot by Ceres voltooi is (Underhay, J. en Hopkins, C., 1955: 203). Tot op hierdie stadium was die gebrek aan verbindingsweë met die Kaapse markte 'n ernstige remskoen vir landbouontwikkeling in die Ceres-distrik. Die verhoogde toeganklikheid ná voltooiing van die spoorweg aasluiting na Ceres is een van die vernaamste faktore wat 'momentum gegee het aan die ontwikkeling van die vrugtebedryf. Die grootskaalse aanplanting van vrugtebome het daartoe aanleiding gegee dat daar in die Warm Bokkeveld (een van Ceres se landboustreke) byna uitsluitlik op vrugte gekonsentreer is.

Van die Warm Bokkeveld af het die ontwikkeling van die vrugtebedryf ook mettertyd uitgebrei na die hoërliggende plato van die Koue Bokkeveld. Op hierdie tydstip het verminderde toeganklikheid tussen die Koue Bokkeveld en Ceres-dorp landbouontwikkeling in die streek gestrem. Met die daarstelling van verbeterde verkeer en die instelling van busdienste in die laat twintiger jare kon die streek egter



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

ontwikkel tot die ekonomiese slagaar van Ceres. Die Koue Bokkevelders wat hulle aanvanklik op veeboerdery toegespits het, het nou gekonsentreer op vrugteverbouing. Alhoewel daar 'n klemverskuiwing was na vrugteboerdery, het die ander vertakkings van die boerdery nie heeltemal tot stilstand gekom nie. So het die wolbedryf en aartappelbedryf in die distrik (veral die Koue Bokkeveld) vroeg reeds hul merk gemaak (Underhay, J. en Hopkins, H., 1955).

Daar het mettertyd 'n behoefte ontstaan aan 'n organisasie vir die groeiende vrugtebedryf, en op 2 September 1922 het 21 boere vergader om 'n koöperatiewe vereniging te stig (Underhay, J. en Hopkins, H., 1955: 206). Die doel van die vereniging was om Ceres met die Vrugtekwekersbeurs te affilieer; die belange van die bedryf plaaslik te bevorder deur die boere te voorsien van verpakkingsmateriaal en ander benodigdhede; om gehaltebeheer van uitvoervrugte te verseker; en uitbreiding van oorsese markte te bewerkstellig (Underhay, J. en Hopkins, H., 1955: 206). Op hierdie stadium het boere hul vrugte individueel verpak. Die gedagte van sentrale verpakking het eers ná die Tweede Wêreldoorlog posgevat.

### 2.2.2 ARBEIDSONTWIKKELING : 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die aard en ontwikkeling van 'n goedkoop arbeidsmag in die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Ceres-landboudistrik moet gesien word teen die agtergrond van politieke en ekonomiese wisselwerkinge in die breër Suid-Afrika.

Met die totstandkoming van die mynbou-industrie het loonarbeid 'n algemene instelling in die land geword. Die grootskaalse ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse stedelike ekonomie wat hieruit gevloei het, het die algehele agteruitgang van die bestaansekonomie van die swart bevolking tot gevolg gehad (Meer, 1991: 52). As gevolg van hul afhanklikheid van 'n loonarbeid was hulle aangewese op en tot beskikking van die stedelike ekonomie én seisoengeoriënteerde landboubedrywe. Die loongaping tussen wit- en swartarbeid was vroeg reeds bepaal. In dié verband noem Meer: "Since gold mining was difficult on account of the depth of the ore, expensive skilled labour had to be employed from Britain. To offset the high costs involved in this, indigenous black labour subsidised white labour. The tradition of the vast gap between black and white labour was thus established in the first flush of industrial development and continues to this day" (1991: 52).

Alhoewel die bestaande literatuur (ten opsigte van die Ceres-distrik) nie verwys na enige arbeidspraktyke nie, kan daar met sekerheid afgelei word dat die klemverskuiwing na



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

vrugteboerdery 'n impak gehad het op arbeid. Die vrugtebedryf is 'n arbeidsintensiewe bedryf, wat al sy vertakkinge raak, naamlik aanplant, snoei, oes en verpakking. Die bedryf ervaar egter sy spitstyd gedurende die oestyd. Vir veeboere van die Koue Bokkeveld moes daar noodgewonge 'n aanpassing gekom het ten op sigte van arbeidsaanvraag gedurende die spitstyd.

Oor die jare heen het die gebruik van swart trekarbeiders vanuit die tuislande algemeen geraak op sommige plase.
Die trekarbeiders word op die plase gehuisves waar hulle vier tot vyf maande seisoenwerk verrig voordat hulle weer teruggeneem word. Hierdie gebruik van trekarbeiders is 'n uitvloeisel van die staat se rol in 'n politiek-ekonomiese bestel. John Overton beskou die staat as "inherently a part of the superstructure of the dominant mode of production" (1988: 9). Binne 'n kapitalistiese stelsel het die Suid-Afrikaanse politiek-ekonomiese bestel 'n goedkoop, ongeskoolde, swart arbeidsmag in die tuislande geskep wat veral in die boerdery en mynbou gebruik word. In dié verband het die bestaande trekarbeidstelsel 'n sterk impetus verleen aan seisoenarbeid. Voorts noem May (1987) dat hierdie geïnstitusionaliseerde trekarbeidstelsel onder andere bevorder is deur die skep van tuislande, regulering van swart verstedeliking, instromingsbeheer en groepsgebiedewetgewing. Sodoende bevestig hy die politiek-ekonomiese struktuur



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

waarbinne die Suid-Afrikaanse samelewing hom bevind. Die historiese ontwikkeling van hierdie goedkoop arbeidsbron dui daarop dat dit aanvanklik daarop gemik was om in die mynbou se behoeftes te voorsien, maar later ook in die landbou aangewend moes word. Ook hier in die Ceres-distrik is daar vroeg reeds van trekarbeiders gebruik gemaak om die verhoogde arbeidsaanvraag in seisoentyd te hanteer.

Die gebruik van plaasarbeidervrouens gedurende die seisoentyd is reeds vir jare 'n gevestigde praktyk in dié streek. Vroeër jare is vrouens verplig om seisoentyd op die plase te werk. Onderhoude het aan die lig gebring dat verpligte vrouearbeid gedurende die seisoentyd nog steeds voorkom op van die plase. Behalwe plaasarbeidervrouens word vrouens huidiglik toenemend vanuit die omliggende omgewing as seisoenwerkers op plase benut. Ten opsigte van die grootskaalse gebruik van die vrou as seisoenwerker laat Meer haar soos volg uit: "Women are being employed today ostensibly at equal wage rates, but in poorer paid jobs for which men are not available. To some extent they are being employed because management finds them as efficient as the men they replace" (1991: 56). Onderhoude het onthul dat plaaseienaars oor die jare heen 'n "vaste seisoenspan" opbou (wat bestaan uit plaasarbeider-vrouens, ander vrouens asook 'n minderheid mans uit die omliggende gebiede) wat vir hulle groter produktiwiteitsvoordele inhou



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

omdat oes-en verpakkingsaktiwiteite "gespesialiseerd" geraak het.

Faktore soos: 'n gevestigde goedkoop arbeidsmag, die trekarbeidstelsel en behoefte aan loonarbeid het meegewerk dat vrugteboere relatief maklik hul vraag na seisoenarbeid kan bevredig. In hierdie verband moet die arbeider se afhanklikheid van die boer se behuising nie geringgeskat word nie. Die behuising wat die arbeider op die plaas verkry, verbind hom/haar tot die werkplek en dra daartoe by dat die landbousektor 'n stabiele arbeidsmag het. Hierdie weerlose posisie van die seisoenwerker vergemaklik die boer se taak om ontslae te raak van hom/haar in die afseisoen.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In onderhoude met gevestigde boere het twee uitgangspunte met betrekking tot die gebruik van seisoenarbeid aan die lig gekom. Eerstens maak meer boere van seisoenarbeid gebruik omdat dit 'n goedkoop praktyk is. Die uitgawes verbonde aan die behuising en gepaardgaande infrastruktuur van permanente plaasinwoners is baie hoog. Die tendens kom veral voor waar boere in vrugteverbouing spesialiseer.

Die tweede uitgangspunt is om die hoeveelheid seisoenwerkers te beperk. Dit is op hierdie plase waar die boerdery in verskillende vertakkinge diversifiseer. Behalwe



https://etd.uwc.ac.za/

vrugteverbouing is daar ook kleinskaalse groenteverbouing en veeboedery. Die plase het meer permanente plaasinwoners. Met die aanbreek van die seisoentyd word daar sterk gesteun op die plaasarbeidervrouens. Na afloop van die vrugteseisoen word die permanente inwoners optimaal besig gehou met die ander vertakkinge van die boerdery.

Die verskuiwing van seisoenarbeid na Ceres-dorp het eers na die Tweede Wêreldoorlog met alle erns toegeneem. Voor die oorlog is daar slegs gekonsentreer op die prosessering van droëvrugte. In die vroeë jare was dit die enigste vorm waarin 'n gedeelte van die vrugte bemark kon word voor die ontwikkeling van die moderne vervoer- en verkoelingstegnologie. 'n Droogbaan is vroeg reeds in Ceres aangelê en is in 1913 deur die Riverside Dried Fruit Company van Wellington bestuur (Underhay, J. en Hopkins, H., 1955: 208). Daar kan met redelike sekerheid aangeneem word dat seisoenarbeid (alhoewel in beperkte omvang) reeds voor die Eerste Wêreldoorlog in Ceres bestaan het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die dertigerjare tot en met die Tweede Wêreldoorlog, is die vrugtebedryf egter gekenmerk deur 'n oorlewingstryd. Die boere het gebuk gegaan onder die depressiedruk en die kodlingmotbesmetting van vrugte. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog moes uitvoer gestaak word en moes goeie



https://etd.uwc.ac.za/

vrugte verkoop word teen swak, binnelandse pryse. Hierdie gebeure het 'n direkte impak op Ceres se ontwikkeling gehad. Wat die vrugtebedryf betref, het die enigste ontwikkeling plaasgevind in die droëvrugtebedryf. In 1943 is die Ceres Droëvrugte Maatskappy Beperk gestig wat ook in dieselfde jaar die Seeded Muscat Raisin Company oorgeneem het (Underhay, J. en Hopkins, H., 1955: 208). Ten spyte van die landwye toename in werkloosheid het die seisoenarbeidsmark van Ceres 'n geringe groei getoon.

Net soos wat die Suid-Afrikaanse sekondêre nywerhede ná die Tweede Wêreldoorlog 'n bloeitydperk ervaar het, het die vrugtebedryf in beide die distrik en dorp ten volle ontwikkel. Vervolgens word daar gekyk na die sentralisasie van vrugtefabrieke en die gepaardgaande groei van seisoenarbeid in Ceres.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 2.3 DIE SENTRALISERING VAN SAGTEVRUGTE-ONDERNEMINGS IN CERES

Behalwe vir die droëvrugtebedryf het die sentralisasie van vrugtefabrieke in Ceres eers plaasgevind ná die Tweede Wêreldoorlog. Alhoewel die noodsaaklikheid van 'n koöperatiewe pakhuis reeds op 9 Maart 1929 die eerste keer bespreek is, het die direksie van Ceres Fruit Growers maatskappy eers op 11 Mei 1946 besluit om met sentrale



https://etd.uwc.ac.za/

verpakking te begin (Sagtevrugteboer, 1960: 280). Die doel van sentrale verpakking was om die gehalte van vrugte te standaardiseer vir die mark. Dit sou ook boere in staat stel om meer aandag aan produksie te gee. Na die nodige bouwerk en installering van masjinerie is die eerste vrugte teen Januarie 1951 in die nuwe pakhuis van Ceres Fruit Growers maatskappy verpak (Sagtevrugteboer, 1960: 280). Vanuit 'n historiese oogpunt kan hierdie datum beskou word as die aanvang van grootskaalse seisoenarbeid in Ceres. Volgens Koos Cillie (uitgetrede direksielid van CFG) is daar in 1951 begin met 'n arbeidsmag van 49 waarvan ongeveer 75% seisoenwerkers was. Die fenomenale groei van die onderneming word daardeur weerspieël dat hy in 1993 oor 'n totale arbeidsmag van 2338 beskik het. Hiervan is ongeveer 25% seisoenwerkers.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit was vroeg reeds duidelik dat vrugteverpakking sterk aangewese is op 'n bedrewe arbeidsmag. In sy aanvangsjare het CFG die bedrewe lemoenpakkers van Clanwilliam en Citrusdal in sy pakhuise gebruik. Die groot afstand tussen bogenoemde gebiede en Ceres het CFG genoodsaak om behuising vir hierdie seisoenwerkers te verskaf. Na die aanvangsjare het Ceresinwoners toenemend in die fabriek begin werk. Verstedeliking van plaasarbeiders in die distrik het oor die jare heen daartoe bygedra dat in die groeiende vraag na



https://etd.uwc.ac.za/

seisoenarbeid voldoen kon word. In sy 1978 jaarverslag noem die Wêreld Bank dat "many people displaced from their jobs as a result of agricultural development will eventually migrate to urban areas in search of a better life" (1978: 23). As 'n sentraleplekdorp het Ceres toenemend mense gelok. Die meeste van hierdie werkersklas-intrekkers (veral diegene vanaf vrugteplase) het 'n heenkome in die fabrieke gevind.

Tussen 1950 en 1960 het die maatskappy (CFG) 193 woonhuise (oorspronklik vir Citrusdal-Clanwilliamseisoenwerkers) vir sy seisoenwerkers opgerig. Vandag vorm hierdie 193 woonhuise nog steeds die kern van CFG se seisoenarbeidsmag. Dit is in hierdie behuisingskema dat Ceres se seisoenarbeidsmag homself oor die jare heen gereproduseer het. Alhoewel die hoofde van hierdie huishoudings vandag heeltyds by die fabriek werk, is hulle familielede hoofsaaklik seisoenwerkers. In die vraelysopname het dit na vore gekom dat juis die jong skoolverlaters van fabriekhuise 'n heenkome vind by die fabriek. Die afgelope paar jaar kon werkers die woonhuise by die maatskappy koop, en is hulle tot die maatskappy verbind met 'n geringe verbandpaaiement.

In Maart 1953 is nog 'n vrugtefabriek, Ceres Fruit Juices and Vitamin Company, gestig wat hom aanvanklik toegespits het op die vervaardiging van koejawel-, appel-, kweper-, bessie-



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

en tamatiesap (Underhay, J. en Hopkins, H., 1955: 210). Later het die onderneming ook begin met die inmaak van sagtevrugte. Ook hierdie maatskappy het vroeg reeds 'n behuisingskema vir sy ongeskoolde arbeidsmag gehad. In hierdie geval was die behuising aangrensend tot die persele van die fabriek en is dit bewoon deur hul heeltydse werkers. Die meeste seisoenwerkers van die fabriek is egter gewerf uit die res van die dorp se nie-blanke inwoners. Na die sluiting van hierdie maatskappy het baie van sy werkers 'n heenkome gevind by CFG- en Du Toitfabrieke. Vandag staan die fabriek met sy nuwe eienaars bekend as Ceres Food Industries (CFI). Die onderneming spits hom steeds toe op die verwerking van vars vrugte tot konsentrate.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die groei en sukses van Ceres se grootste vrugteprodusente, die Du Toit Groep van die Koue Bokkeveld, het hulle ook later genoodsaak om met sentrale verpakking in Ceres te begin. Die toetrede in 1972 van Du Toit Vrugteverpakking tot Ceres het die omvang van die seisoenarbeidsmark vergroot. Soos CFG maak hulle op groot skaal gebruik van "kleurlingvroue" as seisoenwerkers. Die Du Toit Groep beskik oor die tweede grootste seisoenarbeidsmag in Ceres.

Associated Interests, beter bekend as "Bells", is 'n jonger vrugteverpakkingsonderneming. Omdat hier ook net met vars



https://etd.uwc.ac.za/

vrugte gewerk word, is die fabriek by uitstek seisoengebonde en behou slegs 'n derde van sy arbeidsmag in die afseisoen.

Cape Cool is die jongste onderneming wat hom toespits op die verpakking van vars vrugte. Die fabriek is nog relatief klein in omvang en behou slegs 10% van sy arbeidsmag in die afseisoen.

Intussen het die droëvrugtebedryf, die oudste in Ceres, met die verloop van jare in omvang toegeneem. Tans bestaan dit onder die naam Ceres Vrugte Droëry.

Intussen het CFG ook 'n filiaalmaatskappy, gestig, Ceres Fruit Juices (CFJ), wat Ceres Suid-Afrika se belangrikste "sap-dorp" maak. Hierdie vertakking het egter heelwat meer heeltydse as seisoenwerkers.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Met die groei en sukses van die vrugtebedryf in sy hinterland was daar oor die jare heen 'n toeloop van vrugteverwerkings- en verpakkingsfabrieke. Vandag is hierdie fabrieke nog steeds onderhewig aan uitbreiding en word verdere uitbreiding beplan. Die gevolg is dat Ceres 'n steeds groeiende seisoenarbeidsmag het. Van die seisoenwerkers het 'n sterk historiese verbintenis met die sagtevrugtebedryf. In die opname het dit duidelik geblyk dat van die respondente al



https://etd.uwc.ac.za/

reeds vir meer as veertig jaar in die bedryf werksaam is. Die vraelysopname het getoon dat geslagte van dieselfde familie oor die jare heen in een van die fabrieke werksaam was. In die steekproef het 45% van die respondente aangetoon dat meer as een van die huishouding huidiglik by een van die fabrieke werk. Hier is dus sprake van 'n seisoenarbeidsmag wat homself histories oor die jare gereproduseer het. In 'n onderhoud met die gemeenskapsontwikkelaar van CFG is dit genoem dat die jonger geslag 'n aanstelling by die fabriek verwag vanweë sy "familie-konneksie".

In die literatuuroorsig is daar verwys na die internasionale verplasing van goedkoop, ongeskoolde arbeid binne 'n kapitalistiese stelsel. In die geval van Ceres is die grootskaalse vestiging van 'n goedkoop arbeidsmag verder meegewerk deur verstedeliking in die Ceres-distrik en aanliggende Karoo gebiede. Intussen het Ceres sedert die eerste koöperatiewe pakhuis in 1951 'n bedrewe seisoenarbeidsmag ontwikkel. Hierdie faktore het verder daartoe bygedra dat grootskaalse vrugteprodusente hul verpakking na Ceres verskuif het. Hierdie agglomerasie van vrugtefabrieke is daarop gemik om 'n gevestigde, goedkoop, ongeskoolde arbeidsmag te benut.

Die historiese ontwikkeling en groei van seisoenarbeid in



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

hierdie arbeidsgeoriënteerde vrugtefabrieke kan nie losgemaak word van sy politiek-ekonomiese konteks nie. Diegene wat hulle tot seisoenarbeid gewend het, het dit gedoen omdat dit die enigste keuse was. Binne die sosiale verhoudinge van produksie word daar slegs gebruik gemaak van die seisoenwerker se arbeidsinsette. Omdat die beheer oor die kragte van produksie (grond en kapitaal) in die hande van die vrugteboer en nyweraar is, verhoog dit die weerloosheid van die seisoenwerker. In hierdie verband noem Meer: "as unskilled workers they are more vulnerable to retrenchment during recession and more prone to part-time and casual employment" (1991: 56).

Die ondersteunende rol wat die staat speel, bevorder die dominante mode van produksie. Binne die Suid-Afrikaanse apartheidspolitieke bestel het daar in Ceres 'n sterk gelokaliseerde homogene werkersklas ontwikkel.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

## 2.4 DIE TRADISIONELE SEISOENSIKLUS


Figuur 2 is 'n grafiese voorstelling van indiensname van weekliks besoldigde werknemers by die grootste vrugtefabriek in Ceres, CFG. Die figuur illustreer die maandelikse indiensname in drie verskillende jare met intervalle van vyf



https://etd.uwc.ac.za/

# Figuur 2

## Indiensname by CFG Fabriek




https://etd.uwc.ac.za/

jaar. Afleidings wat in breë trekke van hierdie grafiese voorstelling gemaak kan word, is ook van toepassing op die ander fabrieke.

Die seisoentyd strek vanaf Januarie tot Mei wat gekenmerk word deur verhoogde indiensname. Binne die seisoentyd word daar 'n spitstyd (Januarie tot Maart) ervaar wanneer indiensname sy piek bereik. Vanaf Junie tot Desember word die afseisoen betree wanneer indiensname sy laagtepunt bereik. Al die fabrieke ervaar dieselfde spitstyd, terwyl daar variasies is ten op sigte van die lengte van die werkseisoen. Die hoeveelheid seisoenwerkers wat benodig word, wissel na gelang van die sukses van die vrugte-oes.

Ceres Vrugte Droëry en Ceres Food Industries se werkseisoen verskil effens van die ander fabrieke. Eersgenoemde ontvang dwarsdeur die jaar op verskillende tye verskillende vrugte om te droog. Met die aanbreek van die aarbeiseisoen ( in die tradisionele afseisoen) gebruik hulle byvoorbeeld seisoenwerkers wat op 'n stukwerk-grondslag help droog. Ceres Food Industries neem ook gedurende die winter- en lentemaande seisoenwerkers in diens terwyl die pakhuise met die aanbreek van die winter hoofsaaklik hul werkers afsit. Ceres Food Industries konsentreer op die verwerking van 'n verskeidenheid van vrugte gedurende die jaar.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Hierdie verlengde werkseisoen hou verreikende implikasies in vir sommige seisoenwerkers. Die komplementering van vrugte-seisoene het tot gevolg dat van die ander fabrieke se seisoenwerkers vir 'n paar weke by Ceres Food Industries gaan werk. Hierdie werkers het oor die jare heen vir hulle 'n seisoensiklus uitgewerk, en weet presies wanneer om hulle gereed te hou vir die werkseisoen van Ceres Food Industries.

Die afgelope paar jaar het beide CFG en Du Toit Groep in 'n die afseisoen skiktydindeling ontwikkel vir hul seisoenwerkers. Die seisoenwerkers word in spanne verdeel wat elk 'n geleentheid kry om 'n paar dae per week of elke alternatiewe week te werk. Dit het tot gevolg dat minder seisoenwerkers summier afgesit word aan die einde van die werkseisoen. Later in die projek word hierna verwys as deeltydse fabriekwerk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Vervolgens is hier 'n kort statistiese opsomming van die seisoensiklus in Ceres, soos verkry uit die analise van die vraelyste. Tabel 2.1 toon aan hoe lank seisoenwerkers in die 1993-seisoen gewerk het.



https://etd.uwc.ac.za/

TABEL 2.1 DIE DUUR VAN DIE WERKSEISOEN

| Tydperk | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 2 maande | 2 | 2,3 |
| 3 maande | 13 | 14'9 |
| 4 maande | 17 | 19,5 |
| 5 maande | 34 | 39,2 |
| 6 maande | 21 | 24,1 |
| Totaal | 87 | 100,0 |

Let Wel: Die tabel sluit slegs respondente in wat op hierdie stadium reeds afgesit was.

Die gemiddelde werkseisoen is 4,6 maande. 14,9% het 'n baie kort werkseisoen van slegs drie maande gehad. Ten tye van die opname (28 Junie tot 16 Julie 1993) was 69,8% van die seisoenwerkers reeds afgesit. Diegene wat nog nie afgesit was nie, het aangedui dat hulle die vorige ses maande gemiddeld 4,7 maande werksaam was.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is duidelik dat die seisoenwerker 'n relatiewe kort werkseisoen van ongeveer vyf maande het. Die navorsing het aan die lig gebring dat van die seisoenwerkers nooit met sekerheid die duur van sy/haar werkseisoen kan voorspel nie. Werkprestasie is 'n voorvereiste vir 'n "goeie werkseisoen". Van die werkers is dit eens dat diskriminasie deur voormans/-vrouens ook 'n rol speel. Sommige voel dat afwesigheid by die werk as gevolg van huislike probleme hulle ook onregverdig benadeel. Soos reeds genoem, is 'n goeie of swak oesjaar ook 'n faktor.



https://etd.uwc.ac.za/

'n Opvallende kenmerk van die tradisionele seisoensiklus is dat die afplatting na die spitstyd minder drasties is as wat tien jaar gelede die geval was. (Sien figuur 2 in hierdie verband). Dit blyk asof fabrieke sedert 1987 daarin slaag om hul seisoenwerkers langer in diens te hou. Dit word gekoppel aan die maatreëls wat vrugtefabrieke tref om die werkseisoen van sy werknemers te verleng. Hierdie verlenging van die werkseisoen word in die slothoofstuk breedvoerig bespreek.

## 2.5 SAMEVATTING

Die sagtevrugtebedryf het 'n historiese verloop in Ceres wat oor byna 'n eeu strek. Die klemverskuiwing van vee- en saaiboerdery na vrugteboerdery in die distrk het verhoogde arbeidsomsette tot gevolg gehad. Die afhanklikheid van die bedryf van 'n seisoenarbeidsmag was vroeg reeds duidelik deurdat vrugteboere kontrakwerkers uit swart gebiede, arbeiders uit omliggende gebiede en vrouens van plaasarbeiders gedurende die vrugteseisoen moes gebruik. Die beskikbaarheid van hierdie goedkoop seisoenarbeidsmag moet verstaan word in die konteks van dieperliggende politiek-ekonomiese strukture.

Die fenomenale groei van die vrugtebedryf ná die Tweede



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Wêreldoorlog het gou op Ceres sy oorspoeleffek getoon. Die arbeidsintensiewe verpakking van gehaltevrugte vir plaaslike en wêreldmarkte het nuwe druk geplaas op die vrugteboer. Dit het daartoe gelei dat verpakking van vrugte verskuif het na Ceres-dorp waar daar 'n goedkoop ongeskoolde arbeidsmag gevestig was. Met die verloop van tyd was daar 'n sentralisasie van vrugtefabrieke in Ceres. Vandag is die ekonomie van Ceres gewortel in 'n sterk seisoengeoriënteerde, sekondêre bedryf. Oor die jare heen het die seisoenarbeidsmag homself gereproduseer om die agglomerasie van vrugtefabrieke te akkommodeer.

Vandag bevind 'n aansienlike persentasie van Ceres se werkersklas hulle in die middel van 'n siklus van seisoenarbeid. In die volgende hoofstuk word daar indringend gekyk na die sosio-ekonomiese impak wat seisoenarbeid op die betrokkenes het.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 3

## SOSIO-EKONOMIESE IMPAK VAN SEISOENARBEID

### 3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk sentreer rondom drie aspekte. Eerstens word 'n profiel van die seisoenwerker verskaf; tweedens word 'n analise gemaak van die ekonomiese bestaan van seisoenwerkers in Ceres; en derdens word die seisoenwerker se toekomspersepsie jeens seisoenarbeid geanaliseer.

### 3.2 DIE PROFIEL

Die profiel word gedoen aan die hand van vraelysdata wat in die die opname verkry is. Dit sluit in die geslag, huwelikstatus, verwantskap, ouderdom, opvoedkundige peil, huishoudinggrootte, werksituasie en inkomsteposisie van die seisoenwerker.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

#### 3.2.1 GESLAG.

TABEL 3.1 GESLAG

| Geslag | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Manlik | 15 | 11,9 |
| Vroulik | 111 | 88,1 |
| Totaal | 126 | 100,0 |

Dit is insiggewend dat 88,1% van die seisoenwerkers vroulik is.



https://etd.uwc.ac.za/

Op die vraag waarom die fabrieke hulle hoofsaaklik wend tot die vrou as seisoenwerker, is daar verklaar dat die tipe werk in die fabriek "bedoel is vir die vrou". In die vrugtefabrieke gaan dit hoofsaaklik om die pak en sorteer van vrugte.

TABEL 3.2 WAAROM IS SEISOENWERKERS HOOFSAAKLIK VROUENS?

| Respons | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Weet nie | 46 | 36,5 |
| Pak/sorteer is vrou se werk | 73 | 57,9 |
| Vroue werk vinniger | 5 | 4,0 |
| Fabriek betaal vroue minder | 1 | 0,8 |
| Geen respons | 1 | 0,8 |
| Totaal | 126 | 100,0 |

57,9% van die respondente het aangedui dat die pak en sorteer van vrugte "bedoel is vir die vrou" en 4% het aangedui dat vrouens "vinniger as mans werk". Hierdie response is aanduidend van die historiese konteks waarin die grootskaalse gebruik van die vrou (as seisoenwerker) geanaliseer moet word. Met die sentralisasie van verpakking in stedelike gebiede was die grootskaalse gebruik van die vrou ten opsigte van verpakking reeds so vroeg as 1910 gevestig (Unifruco, 1992: 12).

Ten opsigte van die grootskaalse gebruik van die vrou het die gemeenskapsontwikkelaar van CFG aangevoer dat die vrou 'n hoër toleransievlak as die man het om heeldag vrugte te sorteer of in kartonne te pak. Mans sou nie die "verdraagsaamheid hê

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

ten opsigte van die "vervelige" roetine van vrugte pak of sorteer nie". Dit lei daartoe dat die vrou meer geskik is om hierdie herhalende tipe werk te verrig. Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat hierdie "uithouvermoë" vrouens meer produktief maak as mans ten opsigte van die verpakkingsbedryf.

Meer (1991) plaas die grootskaalse gebruik van die vrou as ongeskoolde werker in nywerhede binne 'n politiek-ekonomiese raamwerk. In samehang met haar uitgangspunte in hoofstuk twee noem sy die volgende: "Women are incorporated at the lowest, the more flexible and more easily disposable rung of labour. At that level, not only are they the most vulnerable to retrenching but they are also the last flank of the reserve army, the last dredges of the labour force available to employers. As such, they threaten male employment and inhibit more vigorous male action on employers for fairer deals. The employment system thus exploits gender, and uses gender to divide workers. The labour force is highly vulnerable to such exploitation because of the internalised attitudes about a woman's proper place, internalised by both men and women" (Meer, 1991: 129). Dit lei tot die algemene persepsie dat die "vrou se plek" in die huis is, en as sulks nie 'n loon benodig nie. Meer gaan voort deur te sê: "The perception that a woman should be at home anyway and that she is improperly in the factory, places her on the lowest rung of the reserve labour force available to capital" (1991: 130).



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Bostaande uitgangspunt word gesubstansïeer deur die bestaande posgraadindeling van werkers in vrugtefabrieke in Ceres. Die fabrieke het 'n posgraadindeling waar elke posgraad gekenmerk word deur 'n spesifieke tipe werk en gekoppel is aan 'n bepaalde loon. Dit is egter opvallend dat die meeste vrouens hul in die laagste posgraad bevind. Omdat die vrugtefabrieke gebruik maak van hierdie goedkoop, ongeskoolde vrouearbeid, wat nie vergoed word vir hul "hoër toleransievlak", akkumuleer die fabrieke surpluskapitaal. Aan die einde van die werkseisoen is dit relatief maklik om van hulle ontslae te raak omdat "die fabriek nie eintlik hul plek is nie".

Dit blyk dat die posgraadindeling die persepsie weerspieël dat mans gewoonlik die broodwinners is. Hierdie waarneming vind aansluiting by die bevindinge van die ELVYGRA-navorsing. In dié navorsing is bevind dat vrouens die laagsbesoldigde werkers in die Elgin- Vyeboom- en Grabouw-area is. Die navorser wil tot die gevolgtrekking kom dat die grootskaalse gebruik van die vrou in seisoenarbeid, gesetel is in die surplusarbeid wat die vrou verrig. Die surplusarbeid word ook verder verskans binne 'n stelsel van aansporingsbonusse (die werker kry 'n bonus indien hy/sy meer as 'n bepaalde maksimum vrugte gepak of gesorteer het).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

### 3.2.2 HUWELIKSTATUS

TABEL 3.3 HUWELIKSTATUS

| Staat | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Getroud | 50 | 39,7% |
| Ongetroud | 62 | 42,2% |
| Verlaat | 3 | 2,4% |
| Geskei | 3 | 2,4% |
| Weduwee | 8 | 6,3% |
| Totaal | 126 | 100,0% |

Dit is opvallend dat die meeste (42,2%) van die seisoenwerkers ongetroud is. Hierdie kategorie sluit hoofsaaklik die enkelouers en kinders in. Die vraag ontstaan of seisoenwerk die enigste uitweg vir hulle is, en of die ongetroudes dit juis doen omdat dit die "beste werk" in Ceres is. Terwyl Van Der Walt van mening is dat getroude vroue om ekonomiese én ander redes buitenshuis werk, skryf hy verder dat "ongetroude vroue geskeide vroue en weduwees hoofsaaklik om ekonomiese redes buitenshuis werk" (1987: 6). Indien hierdie groep om ekonomiese redes buitenshuis werk, is dit onwaarskynlik dat hulle hul doelwitte met seisoenarbeid sal bereik.

Dit blyk asof ongetroudes hulle om die volgende redes tot seisoenarbeid wend. Eerstens het fabrieke die hoogste loonskale vir ongeskoolde werkers in Ceres. In 'n opname het die navorser bevind dat die lone vir ongeskoolde arbeid van die plaaslike sake- en dienssektore asook van owerheidsinstellings swakker vertoon as



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

dié van die vrugtefabrieke. Tweedens beskou respondente fabriekwerk as "beter" omdat dit 'n korter werkweek (vyf dae) as die meeste ander werk het. Boonop word gratis busvervoer na en van die fabrieke verskaf. Na aanleiding hiervan beskou van die respondente fabriekwerk as die "beste werk" in Ceres. In hoofstuk een is reeds aangevoer dat Ceres se werkgeleentheidstruktuur oorheers word deur die vrugtefabrieke. Met sy/haar lae vlak van geletterdheid is fabriekwerk dikwels die enigste uitweg. Aangesien die fabrieke plaaslike opleiding aan werkers verskaf, kan vroeë skoolverlaters onmiddellik 'n heenkome in die fabrieke vind. In die vraelysopname het respondente aangetoon dat hulle by die fabriek aansluit met die verwagting om gou heeltyds aangestel te word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

'n Relatiewe groot persentasie (39,7%) van die seisoenwerkers is getroud. Hierdie groep verrig seisoenwerk met die uitsluitlike doel om die huishoudinginkomste aan te vul. Binne werkersklasverband moet die getroude vrou se werk egter nie as addisionele inkomste beskou word nie, maar as 'n noodsaaklike inkomste vir die huishouding. Van der Walt noem dat getroude vrouens aanvanklik om ekonomiese beweegredes buitenshuis werk en dat "kleurling-" en swart verkoopsdames hoofsaaklik werk om gesinsinkomste aan te vul (1987: 9). Hierdie stelling geld veral vir die half- en ongeskoolde, getroude vrou, terwyl die vrou met hoër opvoedkundige kwalifikasies heel dikwels om ander beweegredes



https://etd.uwc.ac.za/

buitenshuis werk.

Volgens tabel 3.3 is 6,3% van die totale steekproef weduwees, terwyl 2,4% geskei en 2,4% se mans hul verlaat het. Omdat hierdie groep heel dikwels die broodwinners in die huis is, hou seisoenwerk verreikende implikasies vir hulle in. Die afseisoen sal 'n nadelige invloed op hulle inkomsteposisie hê en sodoende hul ekonomiese voortbestaan beïnvloed. Dit is by hierdie kategorie vroue waar welsynsgeld en onderhoudsgeld 'n belangrike funksie vervul. In die tweede deel van die hoofstuk sal hierdie punt verder uitgebou word.

Al die manlike seisoenwerkers is ongetroud. Uit die onderhoude was dit duidelik dat die mans in hierdie kategorie seisoenwerk doen omdat dit op dié tydstip die enigste uitweg is. Hulle beskou hierdie werk as "tydelik" en is van plan om binnekort "beter" werk te kry.

### 3.2.3 VERWANTSKAP VAN SEISOENWERKER TOT DIE HUISHOUDING

Vervolgens word daar gekyk na die seisoenwerker se verwantskap tot die huishouding. Die kategorie-indeling soos aangetoon in tabel 3.4 is belangrik omdat daar later geargumenteer gaan word dat die seisoenwerker onlosmaaklik verbonde is aan die bestaan van die groter huishouding, naamlik die uitgebreide gesin ("extended



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

family"). Hiermee word bedoel dat elke seisoenwerker binne die uitgebreide gesin sy eiesoortige uitwerking sal hê op die ekonomiese voortbestaan van die huishouding.

TABEL 3.4 VERWANTSKAP VAN DIE SEISOENWERKER

| Kategorie | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Broodwinner | 26 | 20,6% |
| Eggenoot(e) | 41 | 32,5% |
| Kind | 21 | 16,7% |
| Enkelouer | 38 | 30,2% |
| Totaal | 126 | 100,0% |

Volgens tabel 3.4 is 32,5% van die seisoenwerkers eggenote wie se uitsluitlike doel is om huishoudinginkomste aan te vul. 16,7% van die seisoenwerkers is nog kinders binne die ouerhuis en werk ook om die inkomste van die huishouding aan te vul. Hulle ouderdomme wissel hoofsaaklik tussen 18 en 26 jaar.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

'n Relatiewe groot persentasie seisoenwerkers is enkelouers (30,2%), wat in hierdie navorsingsprojek die ongehude moeder verteenwoordig. Die meeste van hulle is nog woonagtig in hul ouerhuis, terwyl sommige loseer en ander 'n kamer huur by ander familielede of vriende. In 'n kruistabulasie tussen ouderdom en verwantskap (tabel 3.5) is daar bevind dat die enkelouer 'n lae gemiddelde ouderdom het. 63,2% van die enkelouers se ouderdomme wissel tussen 18 en 27 jaar. Uit die opname is bevind dat 40% van die enkelouers meer as een kind het.



https://etd.uwc.ac.za/

Die feit dat 75,6% van die enkelouers in hul ouerhuis woonagtig is en 31,7% van hulle nie onderhoudsgelde vir hul kind(ers) ontvang nie, hou verreikende sosio-ekonomiese implikasies in vir die huishouding. Bogenoemde enkelouers (ongehude moeders met hul kind/ers) moet as afhanklikes beskou word. Die verlies aan hul inkomste gedurende die afseisoen plaas druk op die reeds beperkte bestaansinkomste van die huishouding.

Gesien teen die agtergrond van 'n kort werkseisoen van 4,6 maande ondervind die meeste enkelouers dus die wintermaande as 'n periode van sukkelbestaan. Dit is in hierdie periode dat die enkelouer weerloos is binne die afhanklikheidsverhoudinge van die huishouding vir haar en die kind(ers) se voortbestaan. In hierdie verband het beperkende huishoudingsverantwoordelikhede (die versorging van die groot aantal afhanklikes) 'n nadelige invloed op die inkomsteposisie van die huishouding (Redlinghuis, 1986: 16).

Die mees kommerwekkende aspek van tabel 3.4 is die 20,6% seisoenwerkers wat aangedui het dat hulle broodwinners is. Soos reeds aangetoon in hoofstuk 1, verwys die konsep broodwinner nie noodwendig na die hoof van die huishouding nie, maar na die persoon op wie die gesin steun vir sy ekonomiese voortbestaan. In verskeie onderhoude met onder andere arbeids- en personeelbestuurders en 'n gemeenskapsontwikkelaar is genoem dat



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

daar gepoog word om soveel as moontlik broodwinners heeltyds in diens te hou. Die vraag ontstaan of prestasievlakke (produktiwiteit) die absolute norm moet wees vir heeltydse indiensneming, en of die fabrieke nie 'n sosiaal-verantwoordelike rol het om te speel ten opsigte van sy werknemers nie.

TABEL 3.5 KRUISTABULASIE: VERWANTSKAP TEENOOR OUDERDOM

| Ouderdom | Verwantskap | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Broodwinners | Eggenote | Kind | Enkelouer | Ry Totaal |
| 18 - 22 | 1 | 0 | 12 | 10 | 23 (18,3%) |
| 23 - 27 | 4 | 3 | 6 | 14 | 27 (21,4%) |
| 28 - 32 | 2 | 16 | 1 | 10 | 29 (23,0%) |
| 33 - 37 | 3 | 15 | 0 | 2 | 20 (15,9%) |
| 38 - 42 | 3 | 3 | 1 | 1 | 8 (6,3%) |
| 43 - 47 | 2 | 1 | 0 | 0 | 3 (2,4%) |
| 48 - 52 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 (3,2%) |
| 53 - 59 | 5 | 0 | 0 | 0 | 5 (4,0%) |
| 60 + | 5 | 2 | 0 | 0 | 7 (5,5%) |
| Kolom Totaal | 26 (20,6%) | 41 (32,5%) | 21 (16,7%) | 38 (30,2%) | 126 (100%) |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Uit die kruistabulasie tussen verwantskap en ouderdom het die volgende geblyk: 63,2% van die enkelouers (ongehude moeders) se ouderdomme wissel tussen 18 en 27 jaar. Dit is aanduidend van die omvang van tienerswangerskappe as 'n ernstige, maatskaplike probleem in die gemeenskap. Die broodwinners val binne twee ouderdomskategorieë, naamlik jong broodwinners (23%) wat jonger as 30 jaar is, terwyl baie (38,5%) van die broodwinners tussen die ouderdom 53 tot 65 jaar is. In hierdie kategorie kom die geskeides



https://etd.uwc.ac.za/

en weduwees voor. In die opname het dit aan die lig gekom dat sommige van die broodwinners reeds pensioentrekkers is. Dat pensioentrekkers hulself as broodwinners beskou, weerspieël die swak inkomsteposisie van sommige huishoudings. Dit is gewoonlik in dié huishoudings waar werkloosheid 'n wesenlike probleem is. Hulle het aangedui dat die pensioentoelaag heeltemal ontoereikend is omdat hulle op hierdie stadium steeds afhanklikes het. Gedurende die afseisoen sal hierdie huishoudings wesenlike sosio-ekonomiese probleme ondervind. In dié verband laat White (1991) hom soos volg uit: "unemployment falls on those likely to have the least resources to cope with it, whether in terms of savings to make unemployment comfortable, or a wide range of leisure activities" (1991: 21). In hierdie konteks is dit veral die broodwinners wat eksklusief afhanklik is van 'n werk.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Uit bostaande opmerkings is dit belangrik om te bepaal hoe die broodwinners (en hul huishoudings) 'n bestaan maak na afloop van die werkseisoen. Daar sal later in hierdie verband gekyk word na die rol van multibroodwinnerhuishoudings, deeltydse inkomste, welsynsgeld, inkomste uit loseerders en familiebydraes.

Op hierdie stadium moet dit genoem word dat seisoenarbeid nie slegs 'n invloed het op die betrokke individu nie, maar ook 'n impak het op die totale huishouding.



https://etd.uwc.ac.za/

### 3.2.4 OUDERDOM

TABEL 3.6 OUDERDOM

| Ouderdom | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 18 - 22 | 23 | 18,3 |
| 23 - 27 | 27 | 21,4 |
| 28 - 32 | 29 | 23,0 |
| 33 - 37 | 20 | 15,9 |
| 38 - 42 | 8 | 6,3 |
| 43 - 47 | 3 | 2,4 |
| 48 - 52 | 4 | 3,2 |
| 53 - 59 | 5 | 3,9 |
| 60 + | 7 | 5,6 |
| Totaal | 126 | 100,0% |

Die steekproefouderdom wissel tussen 18 en 65 jaar, waarvan die gemiddelde ouderdom 32 jaar is. Dat die gemiddelde seisoenwerker reeds 10,5 jaar seisoenswerk doen, dui op 'n redelike ervare en stabiele seisoenarbeidsmag. Dié statistiek impliseer dat vroeë skoolverlaters en gematrikuleerdes direk na skool opgeneem word in die fabrieke. In 'n onderhoud is dit ook duidelik gestel dat daar geprobeer word om die fabriekwerkers so jonk as moontlik te laat toetree tot die arbeidsmark sodat hy/sy jarelange "goeie diens" kan lewer. Volgens tabel 3.6 is 12,7% van die steekproef 21 jaar en jonger wat 'n weerspieëling is van hierdie "werwingsbeleid".

Sewe respondente is ouer as 60 jaar. Dit is hierdie groep wat reeds veertig en meer diensjare gelewer het. Hulle was voorheen heeltydse werkers, maar is later gerelegeer tot seisoenwerkers. Hierdie groep het in die onderhoude verklaar dat seisoenwerk hulle uitstekend pas omdat "die fabriek te koud is in die winter".



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

### 3.2.5 **OPVOEDKUNDIGE PEIL**.

TABEL 3.7. OPVOEDKUNDIGE PEIL

| Opvoedkundige Peil | Frekwensie | Persentasie |
| --- | --- | --- |
| Geen | 3 | 2,4% |
| Sub A | 0 | 0,0% |
| Sub B | 0 | 0,0% |
| St. 1 | 3 | 2,4% |
| St. 2 | 4 | 3,2% |
| St. 3 | 4 | 3,2% |
| St. 4 | 21 | 16,7% |
| St. 5 | 23 | 18,3% |
| St. 6 | 26 | 20,6% |
| St. 7 | 8 | 6,3% |
| St. 8 | 18 | 14,3% |
| St. 9 | 8 | 6,3% |
| St.10 | 8 | 6,3% |
| Tersier | 0 | 0,0% |
| Totaal | 126 | 100,0% |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat die opvoedkundige peil betref, is die gemiddelde opvoedkundige kwalifikasie st.6. Sewe en twintig, nege persent van die respondente kan as ongeletterd beskou word (diegene laer as st.5) Gesien teen die agtergrond dat fabriekwerkers gewoonlik gekenmerk word deur hoë vlakke van ongeletterdheid (Redlinghuis, 1986: 10), het 'n beduidende persentasie seisoenwerkers (26,9%) senior sekondêre onderrig ontvang. Hiervan het 'n betekenisvolle 6,3% gematrikuleer.



https://etd.uwc.ac.za/

TABEL 3.8

KRUISTABULASIE : OPVOEDKUNDIGE PEIL TEENOOR OUDERDOM

| | Ouderdom | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18-22 | 23-27 | 28-32 | 33-37 | 38-42 | 43-47 | 48-52 | 53-59 | 60+ | Ry Tot |
| Geen | | | | 1 | | | | | 2 | 3 (2,4%) |
| SubA | | | | | | | | | | 0 (0%) |
| SubB | | | | | | | | | | 0 (0%) |
| St.1 | | | | | 1 | | | 2 | | 3 (2,4%) |
| St.2 | | 1 | | 1 | | | | | 2 | 4 (3,2%) |
| St.3 | | | 1 | 2 | 1 | | | | | 4 (3,2%) |
| St.4 | 2 | 2 | 4 | 7 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 21(16,7%) |
| St.5 | 2 | 5 | 6 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 23(18,3%) |
| St.6 | 4 | 10 | 5 | 2 | 3 | 1 | 1 | | | 26(20,6%) |
| St.7 | 3 | 3 | 1 | 1 | | | | | | 8 (6,3%) |
| St.8 | 2 | 4 | 10 | 2 | | | | | | 18(14,3%) |
| St.9 | 5 | | 2 | 1 | | | | | | 8 (6,3%) |
| S.10 | 5 | 2 | | | | | 1 | | | 8 (6,3%) |
| Kolom Tot. | 23 18,3% | 27 21,4% | 29 23% | 20 15,9% | 8 6,3% | 3 2,4% | 4 3,2% | 5 3,9% | 7 5,6% | 126 100% |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

In 'n kruistabulasie tussen opvoedkundige peil en ouderdom is die volgende betekenisvolle waarnemings gemaak:

a. Van die 27,9% respondente wat ongeletterd is, val 71,4% in die ouderdomsgroep 33 tot 65.

b. Slegs 4 persone in die ouderdomsgroep 33 tot 65 het st.8 en hoër geslaag.

c. Die ouderdomsgroep 18 - 32 het die hoogste opvoedkundige peil. In dié ouderdomsgroep is daar twee standerds waar leerlinge die meeste uitval, naamlik st.6 en st.8.

In die armoede-profielstudies van Redlinghuis wys hy op die



https://etd.uwc.ac.za/

korrelasie wat daar by swart Suid-Afrikaners bestaan tussen 'n lae opvoedkundige peil en hoë ouderdom. Hierdie verskynsel skryf hy toe aan historiese omstandighede, soos gebrekkige geleenthede en fasiliteite (Redlinghuis, 1986: 12). In Ceres word dieselfde tendens by seisoenwerkers waargeneem.

Die uitvalsyfer is nog steeds hoog onder die jonger geslag wat aanduidend is van die gebrekkige ekonomiese omstandighede. Kinders tree vroeër tot die arbeidsmark toe om 'n finansiële bydrae tot die huishoudinginkomste te maak. Die hoë persentasie enkelouers, (30,2%), kom hoofsaaklik voor in die ouderdomsgroep 18- 27. Dit kan gesuggereer word dat die vervroegde verantwoordelikhede van enkelouers hulle waarskynlik gedwonge toetreders tot die seisoenarbeidsmark maak.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die feit dat 'n relatiewe hoë persentasie gematrikuleerdes seisoenarbeid verrig, is 'n kommerwekkende verskynsel. Hierdie verskynsel mag velerlei implikasies inhou vir die skoolgaande bevolking van Ceres. Dit mag wees dat die motivering ontbreek om te matrikuleer omdat matrikulante net soos die vroeë skoolverlaters, ook maar 'n heenkome in die fabrieke moet vind. Dit mag moontlik een van vele redes wees vir die hoë uitvalsyfer wat in st.6 en st.8 waargeneem word.

Ten spyte van die hoë vlak van geskooldheid in sy dorp verrig



https://etd.uwc.ac.za/

sommige gematrikuleerdes ongeskoolde arbeid om sodoende dieselfde loon te ontvang as vroeë skoolverlaters. Die persepsie dat 'n beter opvoeding verbeterde sosiale en ekonomiese omstandighede inhou, word nou 'n mite. Dit werk negatief in op pogings om 'n leerkultuur by die skoolgaande bevolking van Ceres te vestig. Die lae aspirasies van die skoolgaande kind word gereflekteer in die hoë uitvalsyfers op veral sekondêre vlak. In dié verband word daar direk aangesluit by Redlinghuis (1986) se vraag of opvoeding mense kan vrywaar teen armoede. Hy gaan voort deur te sê dat daar eerder na die sosio-politieke strukture gekyk moet word waar 'n individu se klasoorsprong, rasseklassifikasie en geslag'n deurslaggewende rol speel in die Suid-Afrikaanse samelewing.

### 3.2.6 HUISHOUDINGGROOTTE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Tabel 3.9 OUDERDOMSVERSPREIDING VAN KINDERS IN HUISHOUDING

| Ouderdom | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| 0-6 jaar | 47 | 13,8 |
| 7-12 jaar | 63 | 18,5 |
| 13-15 jaar | 34 | 10,0 |
| 16-17 jaar | 32 | 9,4 |
| 18-20 jaar | 48 | 14,1 |
| 21 jaar en > | 117 | 34,2 |
| Totaal | 341 | 100,0 |

'n Opvallende kenmerk van die tabel is die 197 kinders (uit 126 gesinne) wat 'n ekonomies aktiewe ouderdom van 16 jaar en ouer het. (Die Sentrale Statistiek Diens klassifiseer 15 jaar



https://etd.uwc.ac.za/

en ouer as 'n ekonomies aktiewe ouderdom vir die 1991-sensus.) Dit skep die indruk dat die afhanklikheidsverhoudinge binne die gesinne nie so sterk is nie, en dat daar soms meer as een kind is wat werk in die huishouding. Dit is egter misleidend omdat 75,6% van die 38 enkelouers aangedui het dat hulle saam met hul 58 kinders in die ouerhuis woonagtig is. Gesien binne die konteks van seisoengebondenheid, maak die enkelouer met haar kind(ers) deel uit van die afhanklikheidslas van die uitgebreide gesin deurdat hul slegs in die werkseisoen 'n wesenlike bydrae maak tot huishoudinginkomste. Die afhanklikheidsverhoudinge binne hierdie gesinne neem 'n seisoengebonde dimensie aan wat gekoppel word aan die werk- en afseisoen van die vrugtebedryf.

In onderstaande tabel word 'n uiteensetting gegee van die getal verwantskapslede. Die verwantskapslede is nie deel van die kerngesin nie, maar maak deel uit van die huishouding.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Tabel 3.10 VERWANTSKAPSLEDE IN HUISHOUDING

| Verwantskapslid | Aantal |
|---|---|
| Oupa | 5 |
| Ouma | 15 |
| Neef | 7 |
| Niggie | 7 |
| Kleinkind | 58 |
| Loseerder | 23 |
| Totaal | 115 |



https://etd.uwc.ac.za/

Opvallend is die groot getal kleinkinders (58) in die steekproef wat deel uitmaak van die uitgebreide gesin. Daar moet gelet word daarop dat kleinkinders se ouderdomverspreiding nie in tabel 4.4 gereflekteer word nie. Die afhanklikheidsimplikasie wat bogenoemde inhou, is reeds genoem. Daar is ook 'n beduidende getal loseerders (23). Die inneem van loseerders moet gesien word as 'n strategie om die huishoudinginkomste aan te vul. Die huishoudings waar oupas en oumas woonagtig is, het aangedui dat die pensioentoelae deel vorm van die huishoudinginkomste. Hierdie navorsingsprojek openbaar die sterk teenwoordigheid van die uitgebreide gesin ("extended family"). Die kerngesin, tesame met verwantskapslede, snoer kragte saam om een ondersteunende, finansiële netwerk te vorm om sodoende 'n ekonomiese voortbestaan te maak. Die konsep, uitgebreide gesin, vind aansluiting by die definisie van Kenichi Ohashi (1980: 62) : "it refers to a group of individuals who maintain what we ordinarily consider family ties. It pools and distributes resources of all the members according to its own rules. It can simply be considered a large family." Binne die konteks van die "seisoenwerkershuishouding" is dit 'n effektiewe struktuur om die afseisoen met sy verminderde huishoudingsinkomste ekonomies te oorleef.

Louw (1987) skryf in sy ELVYGRA-verslag dat lae inkomstegroepe gekenmerk word deur oorbewoning. Dit word toegeskryf aan die hoë persentasie verwantskapslede in die werkersklashuishouding. In



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

heelwat van die Ceres-seisoenwerkershuishoudings is die tekens van oorbewoning duidelik waarneembaar. Die gemiddelde huishouding-grootte is 7,2. In 25% van die huishoudings is daar 10 en meer lede per huishouding.

### 3.2.7 DIE WERKSITUASIE

Soos genoem in hoofstuk twee, was 69,8% van die seisoenwerkers ten tye van die steekproef reeds afgesit vir die seisoen. Hulle het 'n relatiewe kort werkseisoen van gemiddeld 4,6 maande (sommige werk vir so kort as 2 tot 3 maande). Tabel 3.7 bied 'n samevattende geheelbeeld van dit wat die seisoenwerkers na afloop van die werkseisoen doen.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Tabel 3.11 WERKSITUASIE NA AFLOOP VAN WERKSEISOEN

| Tipe Werk | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Werkloos | 46 | 29,8 |
| Huisvrou | 48 | 31,0 |
| Deeltydse werk | 47 | 30,2 |
| Geboue | 3 | 1,9 |
| Bediende | 11 | 7,1 |
| Totaal | 155 | 100% |

(Let wel: die frekwensie en persentasie sal onderskeidelik nie 126 en 100% wees nie, omdat respondente in sommige gevalle meer as een antwoord verskaf het.)

Die meeste van die respondente (hoofsaaklik getroude vrouens) toon



https://etd.uwc.ac.za/

aan dat hulle in die winter hul rol as huisvrou vervul. Dit is belangrik om daarop te let dat slegs 7 getroude vrouens aangedui het dat hulle verkies om die afseisoen by die huis te wees. Dit bevestig dus die ekonomiese beweegrede vir buitenshuise werk, en dui aan waarom die oorweldigende meerderheid van hierdie huisvrouens hulself as "werkloos" klassifiseer.
Die deeltydse werk wat 47 repondente verrig, sluit die volgende kategorieë in:

a. Mense wat gedurende die afseisoen vir ongeveer 2 - 3 dae per week of elke alternatiewe week in die vrugtefabrieke werk.
b. Mense wat tydens die snoeityd op die omliggende plase werk.
c. Vrouens wat huishulpwerk vir 'n paar dae in die week doen.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Min seisoenwerkers word egter in die afseisoen heeltyds aangeneem as bediendes en arbeiders omdat hulle die reputasie het dat hulle in die somer "terugdros" na die fabrieke. Dit skep die probleem dat hulle slegs aangeneem word as behoeftes aan arbeid ontstaan. Die kommerwekkende aspek van tabel 3.11 is die bevinding dat 29,8% van die respondente werkloos is na afloop van die werkseisoen. Die ekonomiese voortbestaan van hierdie seisoenwerkers (werkloos in afseisoen), maar veral van die broodwinners en enkelouers, word in die afseisoen bedreig. Dit is juis húlle inkomste wat van kritieke belang is vir hul afhanklikes. Die sosio-ekonomiese implikasies wat die afseisoen vir broodwinners en enkelouers



https://etd.uwc.ac.za/

inhou, sal in 'n latere deel van die hoofstuk volledig bespreek word.

### 3.2.8 INKOMSTEPOSISIE

#### 3.2.8.1 SEISOENTYD

Die inkomsteposisie van die seisoenwerker wat vervolgens verskaf word, reflekteer slegs die seisoentyd en is dus nie 'n weerspieëling van die situasie dwarsdeur die jaar nie.

Die gemiddelde maandelikse loon is R735,50. Dit is die basiese loon en sluit nie stukwerk in nie. Stukwerk verwys na die bonus wat 'n werker verdien nadat hy/sy die vasgestelde minimum werk gedoen het, en word op 'n glyskaal bereken. Enersyds kan dit as 'n aansporing beskou word en andersyds kan dit gesien word as 'n metode om produktiwiteit op 'n subtiele manier te bewerkstellig. Hierdie "aantreklike stukwerkloon" het tot gevolg dat seisoenwerk gewild is in die somermaande. Sommige verkies dit bo die ander laer besoldigde, maar heeltydse werk in Ceres.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

TABEL 3.12 KRUISTABULASIE: NAGSKOFWERK TEENOOR MAANDLOON

| Maandloon | Nagskofwerk | Nie-Nagskofwerk |
|---|---|---|
| R0 - R200 | 1 (2,9%) | 0 |
| R201 - R400 | 0 | 3 (3,3%) |
| R401 - R600 | 1 (2,9%) | 9 (9,8%) |
| R601 - R800 | 10 (29,5%) | 64 (69,5%) |
| R801 - R1000 | 19 (55,9%) | 16 (17,4%) |
| R1001 - R1200 | 2 (5,9%) | 0 |
| R1201 - R1400 | 1 (2,9%) | 0 |
| Totaal | 34 (100%) | 92 (100%) |

In 'n kruistabulasie tussen nagskofwerk en maandelikse loon (tabel 3.12) is dit waarneembaar dat die meeste nagskofwerkers 'n loon van meer as R850,00 per maand verdien. 64,7% uit 'n totaal van 34 nagskofwerkers verdien 'n maandelikse inkomste van hoër as R800 per maand teenoor 17,4% (uit 'n totaal van 92) van die dagwerkers. Nagskofwerk kan gesien word as 'n geleentheid om meer te verdien. In die navorsing is bevind dat seisoenwerkers vrywilliglik aanbied om nagskofwerk te verrig.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

TABEL 3.13

KRUISTABULASIE : NAGSKOFWERK TEENOOR VERWANTSKAP

| | Verwantskap | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Broodwinner | Eggenote | Kind | Enkelouer | Ry totaal |
| Nagskof Ja | 4 (15,4%) | 9 (22%) | 6 (28,6%) | 15 (39,5%) | 34 (27%) |
| Nagskof Nee | 22 (84,6%) | 32 (78%) | 15(71,4%) | 23 (60,5%) | 92 (73%) |
| Kolom totaal | 26 (20,6%) | 41(32,5%) | 21(16,7%) | 38 (30,2%) | 126(100%) |



https://etd.uwc.ac.za/

In sy skrywe ten opsigte van gemeenskapsarmoede huldig Sampie Terreblanche die volgende mening: "Die Kleurlinge word daardeur gekenmerk dat hulle onder andere 'n aversie teen skof- ,nag- en naweekwerk het" (Terreblanche, 1977: 91). In hierdie geval moet 27% van die seisoenwerker se deelname aan nagskofwerk gesien word as 'n ekonomies rasionele besluit. Die deelname aan nagskofwerk is 'n oorlewingstrategie omdat sy/haar werkseisoen kort is (4,6 maande). In 'n verdere kruistabulasie tussen nagskofwerk en verwantskap (sien tabel 3.13) het dit uitgekristaliseer dat 39,5% van die enkelouers nagskofwerkers is. Ten spyte van huislike probleme doen 22% van die getroude vroue ook nagskofwerk. Omdat die enkelouer en getroude vrou hoofsaaklik binne die konteks van die uitgebreide gesin funksioneer, noodsaak dit hulle om in die kort werkseisoen die maksimum loon te verdien. In hierdie proses ontbeer hulle heelwat, byvoorbeeld lang werkure en min rus. Van die nagskofwerkers het aangedui dat hulle kinderversorging en te min rus as probleme ervaar. In hierdie konteks wil die navorser aansluit by Carlos (1990) se bevinding ten opsigte van seisoenpendelaars in Mexiko: "In actuality, their (seisoenwerkers) possessions are hard won through a very difficult life of heavy and demanding labor" (1990: 110).

### 3.2.8.2 DIE AFSEISOEN

In Ceres hou die aanbreek van die winterseisoen twee betekenisse



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

in vir die seisoenwerker. Dit is nie alleenlik 'n periode van koue, nat toestande nie, maar ook 'n periode van verlaagde of geen inkomste.

Die inkomsteposisie wissel van redelik tot goed in die seisoentyd, maar daal drasties in die wintermaande. Selfs die maandelikse inkomste van diegene wat gelukkig is om deeltyds voort te werk in die fabrieke, daal tot R283,00 per maand. Tabel 3.7 toon aan dat 37,3% van die respondente deeltyds in die fabrieke werk. Die inkomste van die respondente wat aangedui het dat hulle deeltydse bediendewerk en gebouwerk doen, vertoon nog swakker. Die manlikes vind dit heelwat moeiliker, omdat gebouwerk in Ceres gedurende die winter 'n afplatting beleef. In dié tydperk maak die getroude vroue wat hul huisvrou-rol vervul, geen bydrae tot die huishoudinginkomste nie.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die 29,8% van die seisoenwerkers wat werkloos is in die afseisoen het noodwendig 'n impak op die afhanklikheidslas van die betrokke huishoudings. In die opname het dit duidelik geblyk dat die seisoenwerker se voortbestaan in die afseisoen afhang van onder andere deeltydse inkomste (huishulp, geboue, plaaswerk en fabrieke), inkomste van ander gesinslede, pensioentoelae, welsyngeld en familiebydraes (buite gesinsverband). Dit is duidelik dat hierdie werkersklashuishoudings 'n komplekse samestelling het. Vervolgens word daar breedvoerig aandag gegee



https://etd.uwc.ac.za/

aan die problematiek van seisoenwerkerbestaan.

## 3.3 DIE SEISOENWERKERBESTAAN

Wanneer die voortbestaan van die seisoenwerker ondersoek word, moet beide die werk- en afseisoen in aanmerking geneem word. Dit is belangrik omdat seisoenarbeid 'n seisoenale inkomstepatroon impliseer, en sodoende 'n regstreekse impak het op sy/haar voortbestaan. Omdat die ekonomiese voortbestaan van die seisoenwerker in verband gebring word met sy/haar inkomsteposisie, is dit eerstens noodsaaklik om die totale huishoudinginkomste van die seisoenwerker te ontleed.

### 3.3.1 HUISHOUDINGINKOMSTE

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die gemiddelde huishoudinginkomste is R1377,61 per maand. 31,1% van die huishoudings handhaaf nie die minimum bestaanspeilinkomste (vir lae inkomste-groepe) van R941,86 per maand in stedelike gebiede nie. Dit is bereken op grond van die 1993-indeks van UPE se Instituut van Beplanning (Potgieter, 1993: 77). Hierdie indeks is bereken vir 'n huishouding wat uit ses lede bestaan, terwyl die gemiddelde huishoudinggrootte van hierdie steekproef 7,2 lede is. 25% van die huishoudings het tien en meer lede.



https://etd.uwc.ac.za/

Die navorser het bevind dat daar 'n korrelasie bestaan tussen huishoudinggrootte en -inkomste in die studiegebied. In 'n kruistabulasie tussen huishoudinggrootte en -inkomste (tabel 3.14) blyk die volgende:

TABEL 3.14 KRUISTABULASIE: HUISHOUDINGGROOTTE TEENOOR HUISINKOMSTE.

| Hhinkomste | Huishoudinggrootte | | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | |
| R 0 -R 500 | 2 | 8 | 1 | | | | | 11 (9,0%) |
| R 501-R1000 | 7 | 15 | 13 | 1 | 1 | | | 37(30,3%) |
| R1001-R1500 | 1 | 19 | 2 | 6 | | | 2 | 30(24,6%) |
| R1501-R2000 | | 8 | 2 | 7 | 2 | 1 | | 20(16,4%) |
| R2001-R2500 | | 1 | 5 | 3 | 1 | | | 10 (8,2%) |
| R2500 + | | 1 | 4 | 9 | | | | 14(11,5%) |
| Totaal | 10<br>8,2% | 52<br>42,6% | 27<br>22,1% | 26<br>21,4% | 4<br>3,3% | 1<br>0,8% | 2<br>1,6% | 122<br>100% |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Let wel, 4 uit 126 respondente se huisinkomste ontbreek.

Tabel 3.14 toon dat die totale inkomste van die kleiner huishoudings (vanaf 1-6 lede) hoofsaaklik wissel tussen R 0 en R1500 per maand. In die kategorie, huishoudinggrootte: 10-12 lede, ontvang 73% 'n totale inkomste van meer as R1500 per maand. Sowat 90% van die respondente met gesinsgrootte 1 - 3 lede handhaaf nie die gemiddelde inkomste (R1377,61) van die totale steekproef nie. Dit blyk asof die groter huishoudings 'n beter kans het om die totale inkomste te verhoog. Dit moet egter vermeld word dat die tabel ook uitsonderings ten opsigte van bogemelde siening



https://etd.uwc.ac.za/

illustreer. Die vermeerdering van die totale huishoudinginkomste is egter slegs moontlik wanneer dit binne die struktuur van die uitgebreide gesin geskied. In dié geval word die totale inkomste oor 'n breë spektrum gegenereer. Behalwe vir die kerngesin, sluit dit ook die inkomste in van verwantskapslede (verskeie welsynstoelaes en losiesgelde).

Bostaande moet in die konteks van multibroodwinner-huishoudings beskou word. Dit vind aansluiting by Louw se bevindinge in die ELVYGRA-verslag dat die bestaan van multibroodwinner-huishoudings gesien moet word as 'n strategie om die ontoereikende werkersklasinkomste uit te brei. In Ceres tree kinders op 'n jong ouderdom toe tot die arbeidsmark, enkelouers werk vir die huis, ander gesinslede ontvang welsynstoelae, terwyl die inneem van loseerders nog 'n bron van inkomste is.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

TABEL 3.15 KRUISTABULASIE :

HUISHOUDINGINKOMSTE TEENOOR SEISOENWERKERS IN DIENS/AFGESIT.

| Inkomste | Seisoenwerkers indiens | Seisoenwerkers afgesit |
|---|---|---|
| R 0 - R500 | 0 | 11 |
| R500 - R942 | 6 | 21 |
| R943 - R1500 | 9 | 31 |
| R1501 - R2000 | 10 | 11 |
| R2001 - R2500 | 6 | 4 |
| R2500 + | 5 | 8 |
| Totaal | 36 | 86 |

In bostaande kruistabulasie (tabel 3.15) tussen



https://etd.uwc.ac.za/

huishoudinginkomste en seisoenwerkers reeds afgesit, kan die volgende genoem word. 37,2% van seisoenwerkers reeds afgesit, het 'n huishoudinginkomste benede die bestaanspeil-inkomste van R941,86 per maand. 30,5% van seisoenwerkers wat in diens is, het 'n relatiewe hoë huishoudinginkomste van bo R2000 per maand. Hierdie statistiek bewys onteenseglik die rol wat seisoeninkomste speel ten opsigte van die totale huishoudinginkomste. Dit bevestig ook die aanname dat die seisoeninkomste in 'n beduidende aantal gevalle (37,2%) noodsaaklik is vir die voortbestaan van die gesin, en nie bloot 'n aanvulling is tot die huishoudinginkomste nie.

Tabel 3.15 belig egter ook die relatiwiteit van armoede deurdat mense aan verskillende grade van armoede blootgestel word. Ten spyte daarvan dat seisoenwerkers steeds in diens is, handhaaf 16,6% gesinne nie die bestaanspeilinkomste nie. Aan die anderkant genereer twaalf gesinne steeds 'n totale inkomste van bo R2000 per maand, alhoewel die seisoenwerker in dié geval reeds afgesit is. By implikasie word hier in die statistiek 'n sukkelbestaan weerspieël vir sommige en vir ander 'n werkseisoen van relatief "groter ekonomiese voorspoed."

Een van die studieonderwerp se sentrale temas, naamlik die wyse waarop die seisoenwerker (en sy gesin) 'n bestaan in die afseisoen maak, word nou aangespreek.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

### 3.3.2 DIE VOORTBESTAAN IN DIE AFSEISOEN

Vroeër is daar in tabel 3.11 verwys na wat die seisoenwerker na afloop van die werkseisoen doen. Die meeste het aangetoon dat hulle hul rol as huisvrou vervul, terwyl 'n groot persentasie ook deeltydse werk (in fabrieke, op plase, huishulp en op geboue) doen. 29.8% is egter werkloos gedurende die tyd. Dit alles (werkloosheid, deeltydse werk en huisvrourol) dui op 'n verlaging van inkomste wat noodwendig 'n impak sal hê op die ekonomiese bestaan van seisoenwerkers in die afseisoen. Die volgende tabel is 'n aanduiding van hoe die seisoenwerkers 'n bestaan maak in die afseisoen.

TABEL 3.16 VOORTBESTAAN IN DIE AFSEISOEN.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

| Bron | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Lone van gesin | 83 | 44,8 |
| Deeltydse inkomste | 52 | 28,1 |
| Pensioentoelae | 17 | 9,2 |
| Onderhoudstoelae | 21 | 11,4 |
| Losiesgeld | 2 | 1,1 |
| Familie bydrae | 10 | 5,4 |
| Totaal | 185 | 100,0 |

(Let wel, die frekwensie is nie 126 nie omdat sommige respondente meer as een antwoord verskaf het.)

Dit is duidelik dat die meeste seisoenwerkers in die afseisoen afhanklik is van ander gesinslede se looninkomste. Dit is in hierdie verband dat die uitgebreide gesin as 'n oorlewingstrategie gesien moet word. Die seisoenwerker is nie ekonomies in staat om



https://etd.uwc.ac.za/

die afseisoen onafhanklik van die groter gesin te oorbrug nie. Hierdie stelling is by uitstek van toepassing op die enkelouer en broodwinner. Dit is hier waar die ondersteunende netwerk van welsynstoelae, losiesgeld, ander familiebydraes en ekonomies aktiewe gesinslede 'n rol speel.

Die feit dat 29,8% van die seisoenwerkers in die afseisoen werkloos is, en 31% (sien tabel 3.11) van die getroude seisoenwerkers as huisvrouens funksioneer, plaas druk op die totale huisinkomste. Dit het tot gevolg dat die aantal afhanklikes verhoog sodat die afhanklikheidsverhoudinge 'n seisoenale dimensie aanneem. In die seisoentyd is daar meer loontrekkers in die huis wat die ekonomiese verpligtinge van die huishouding absorbeer. In die winter moet dieselfde ekonomiese verpligtinge deur minder loontrekkers nagekom word. Hierdie beperkende huishoudingsverantwoordelikhede het 'n nadelige invloed op die inkomsteposisie van die gesin.

In die afseisoen is dit veral die enkelouer wat sterk aangewese is op die res van die gesin. Die enkelouer bevind haar/hom kwesbaar binne hierdie afhanklikheidsverhoudinge. In dié verband skryf Snyman dat die gesin dan hulp verleen aan so 'n enkelouergesin soos aan 'n emosioneel-kreupele - onwillig en meerderwaardig" (1986: 5).

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

Twee en vyftig van die respondente het aangetoon dat hulle in die afseisoen sterk steun op deeltydse inkomste uit fabrieke, van plase, as huishulp en gebouwerk. Almal is dit eens dat, alhoewel dit onvoldoende is, dit van die basiese behoeftes dek in die huis. Hierdie respondente het ook aangedui dat hulle steeds op die res van die gesin se inkomste steun. Dit is egter opvallend dat deeltydse werk wat beskikbaar is verband hou met die vrugtebedryf.

Tabel 3.16 (op bladsy 77) bevestig die rol wat welsynsgeld speel in die vortbestaan van die seisoenwerkers. In altesaam 20% van die gevalle vorm welsynsgeld 'n noodsaaklike deel van die huishoudinginkomste. Hierdie situasie is kenmerkend van 'n gemeenskap wat armoede ervaar. In die vraelysopname het dit na vore gekom dat van die gesinne heeltemal afhanklik is van welsynsgeld om te oorleef in die afseisoen. Dit is in hierdie konteks dat pensioenarisse en persone wat ander welsynstoelae ontvang, eintlik "welkome inwoners" is, maar dra weer by tot oorbewoning in hierdie gemeenskap. In die tabel is dit verder duidelik dat seisoenwerkers ook afhanklik is van ander familiebydraes, terwyl sommige 'n bestaan maak uit losiesgeld.

### 3.3.3 <u>WELVAARTSPEIL</u>

In hierdie gedeelte volg 'n relaas ten opsigte van inkoop-



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

en uitgawepatrone van die huishouding. Hier sal gepoog word om te bepaal watter impak seisoengebondenheid het op die welvaartspeil van die huishouding. Eerstens is dit belangrik om vas te stel waarvoor die seisoeninkomste gebruik word. Die bespreking word aan die hand van tabel 3.17 gedoen.

TABEL 3.17 AANWENDING VAN SEISOENINKOMSTE.

| Aanwending | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Huishouding | 109 | 60,9 |
| Myself en kind | 55 | 30,7 |
| Skuld | 7 | 3,9 |
| Skoolkinders | 7 | 3,9 |
| Ekstra huisware | 1 | 0,6 |
| Totaal | 179 | 100,0 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Van die response het 60,9% aangedui dat hul seisoeninkomste hoofsaaklik gebruik word om die huishouding in stand te hou. In 'n kruistabulasie (tabel 3.18) tussen verwantskap en aanwending van seisoeninkomste het die broodwinners en eggenote by uitstek aangedui dat hulle dit aanwend vir die huishouding. "Huishouding" verwys na die aankoop van kos en klere, betaal van huur-, water- en elektrisiteitrekeninge en die dek van ander lopende uitgawes. 49,2% van die enkelouers en 65,5% van die kinders het ook aangedui dat hul inkomste direk tot die huishouding aangewend word.



https://etd.uwc.ac.za/

TABEL 3.18 KRUISTABULASIE:

AANWENDING VAN SEISOENINKOMSTE TEENOOR VERWANTSKAP.

| Aanwending | Broodwinner | Eggenote | Kind | Enkelouer | Rytotaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Huishouding | 20<br>62,5% | 38<br>71,7% | 19<br>65,5% | 32<br>49,2% | 109<br>60,9% |
| Self en kind | 9<br>28,1% | 3<br>5,7% | 10<br>34,5% | 33<br>50,8% | 55<br>30,7% |
| Skuld | 2<br>6,3% | 5<br>9,4% | | | 7<br>3,9% |
| Skoolkinders | | 7<br>13,2% | | | 7<br>3,9% |
| Ekstras | 1<br>3,1% | | | | 1<br>0,6% |
| Kolomtotaal | 32<br>17,9% | 53<br>29,6% | 29<br>16,2% | 65<br>36,3% | 179<br>100,0% |

Die seisoeninkomste vorm dus grootliks deel van die "normale" maandelikse begroting. Die "onttrekking" van die seisoeninkomste in die afseisoen het dus noodwendig 'n impak op die huishoudingsbegroting. Dit het 'n invloed op die inkooppatrone van sodanige huishoudings. 92% van alle respondente het byvoorbeeld aangedui dat die aankoop van duursame artikels soos meubels en klerasie slegs in die seisoentyd geskied. Die gewildste tye van aankope is tussen Kersfees en Paasfees. Wanneer die afseisoen aanbreek, konsentreer hulle op lopende uitgawes wat hoofsaaklik kos, huur- en water- en elektrisiteit-rekeninge insluit.

Tabel 3.19 reflekteer die aankooppatrone van seisoenwerkers ten opsigte van ameublement. Die tabel weerspieël die fluktuasie ten opsigte van die omsetpersentasies van 'n meubelwinkel



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

gedurende die werk-en afseisoen in Ceres.

TABEL 3.19 OMSETFLUKTUASIE VAN MEUBELWINKEL.

| Periode | Omset in % |
|---|---|
| Januarie tot Maart 1993 | Styg 47% |
| Augustus tot Oktober 1993 | Daal 26% |
| Januarie tot Maart 1994 | Styg 33% |

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat die periode Augustus tot Oktober (wat buite die werkseisoen val) gekenmerk word deur 'n afname in meubelverkope. Die verlaagde totale huishoudinginkomste gedurende die afseisoen laat die meeste huishoudings nie toe om geld af te staan aan ameublement nie. Volgens die eienaar van bostaande meubelwinkel poog die seisoenwerkers om so ver moontlik hul rekenings aan die einde van die werkseisoen af te sluit. Volgens die eienaar het hierdie seisoenale fluktuasie in meubelverkope 'n negatiewe impak op hom as werkskepper. Alhoewel hy 'n toename in besigheid gedurende die seisoentyd ervaar, kan hy nie meer werknemers aanneem nie omdat hulle oorbodig sal wees met die aanbreek van die afseisoen.

Hierdie omsetfluktuasie is nie slegs van toepassing op duursame artikels nie, maar geld ook ten opsigte van die aankope van basiese lewensmidele soos kos en klere. Alhoewel die twee grootste kettingwinkels (Shoprite en Bloch) nie syfers wou verskaf nie, bevestig hulle 'n merkwaardige afname in voedselverkope gedurende



https://etd.uwc.ac.za/

die afseisoen.

Die kruistabulasie (tabel 3.18) het ook getoon dat die meeste enkelouers hul inkomste gebruik vir "myself en die kind". Daar is alreeds verwys na die kwesbare posisie in die afseisoen. Dit moet in gedagte gehou word dat 31,7% van die enkelouers geen onderhoudsgeld ontvang vir hul kinders nie.

'n Interessante waarneming is dat 3,9% van die respondente hul seisoeninkomste uitsluitlik gebruik om skuld te delg. Sommige het aangedui dat hulle gedurende die seisoentyd die agterstallige munisipale rekeninge (huur, water en elektrisiteit) en meubelskuld delg. Teen die helfte van die afseisoen raak hulle maar net weer agterstallig om sodoende in 'n kringloop van skuld te verkeer. Binne die konteks van seisoenarbeid is hul nie in staat om uit die skuldsiklus los te breek nie. Dit is in hierdie verband dat daar aansluiting gevind word by die vroeëre opvatting van Chambers: "They are thus screwed down seasonally into subordinate and dependent relationships in which they are open to exploitation" (1981: 5). Met die aanbreek van die nuwe werkseisoen kry die huishouding kans om tydelik van sy/haar skuld ontslae te raak.

3,9% het ook aangedui dat die seisoeninkomste gebruik word om hul skoolgaande kinders te akkommodeer. Die seisoentyd val saam met die heropening van die nuwe skooljaar, kolleges en universiteite.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Dit is gewoonlik dié tyd van die jaar dat skole, ensovoorts addisionele finansiële verpligtinge meebring vir die gesinne.

Wat die aanwending van die seisoeninkomste betref, vorm dit hoofsaaklik deel van die alledaagse voortbestaan van die meeste huishoudings. Slegs 0,6% gebruik die seisoeninkomste om ekstra huisware te koop. Dit impliseer dat die meeste huishoudings fyn beplanning aan die dag moet lê en konsentreer op die bevrediging van basiese behoeftes. Hierdie "seisoenwerkerhuishouding" moet sigself noodgedwonge by 'n patroon van seisoenale inkomste aanpas. Die kern van die saak is dat hierdie aanpassing meestal nie gekenmerk word deur vooruitgang nie, maar eerder 'n voortgesette armoedebestaan versterk. Die herprodusering van 'n seisoenarbeidsmag binne 'n kapitalistiese sisteem wat vroeër reeds gesuggereer is, versterk nie net chroniese armoede in hiérdie gemeenskappe nie, maar dra dit ook oor van geslag tot geslag. Dat die gemiddelde persoon reeds 10,5 jaar seisoenarbeid verrig, dui daarop dat die seisoenwerker vasgevang is in 'n siklus van seisoenarbeid, én daarmee oorleef.

Armoede word gekenmerk deur 'n groter mate van verbruik as spaar (relatief tot inkomste) (Redlinghuis, 1986: 7). In dié verband het 69% van die seisoenwerkers aangedui dat hulle nie geld spaar gedurende die seisoentyd nie. Ten spyte van die armoedebestaan is dit egter 'n relatiewe lae 40,5% van die



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

seisoenwerkers wat geld leen. Die navorser wil dit egter binne die konteks van die uitgebreide gesin verklaar. Die ondersteunende netwerk binne die uitgebreide gesin maak dit moontlik om nie geld te leen nie. Ohashi (1980: 61) laat hom soos volg uit: "Intra-family support, however, does not seem to lend itself to an analysis in the framework of loans. A family is after all not just a group of any individuals. The cohesion of a family is based at least in part upon something beyond economic calculations." In die afseisoen word die seisoenwerker as't ware "gedra" deur die ander lede omdat hy/sy verantwoordelik is vir "groter ekonomiese welvaart" gedurende die seisoentyd. Bogenoemde word juis bevestig deurdat 60,9% van die respondente (tabel 3.18) aangedui het dat hul seisoeninkomste ten volle vir die huishouding gebruik word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Binne die siklus van seisoengebondenheid is vooruitgang nie moontlik nie. Hy/sy kan sy/haar materiële posisie beswaarlik verbeter. Dit word bevestig deurdat byna 40% van die respondente aangedui het dat hulle lanklaas meubels aangekoop het, terwyl 18% van die seisoenwerkers nog nooit in 'n posisie was om meubels aan te koop nie.

In die vraelysopname word dit duidelik aangetoon dat die betaal van huur, elektrisiteit, water en brandstof vir die meeste 'n probleem is. Dit is in hierdie opsig dat van hulle 'n skuldkrisis beleef. In 'n onderhoud met die Stadsklerk van Ceres



https://etd.uwc.ac.za/

Munisipaliteit is bevestig dat die agterstallige munisipalerekeninge van seisoenwerkers een van die groot probleme is. Sommige bly tot vyf maande in gebreke om sy/haar rekeninge te in die afseisoen te vereffen. Wanneer sodanige huisbewoners se waterverbruik afgesny word, gaan die heraansluiting daarvan met ekstra kostes gepaard. Sy/haar reeds beperkte inkomste word verder verminder deurdat rente op agterstallige rekeninge gehef word.

Die gemiddelde huurpaaiement is R48,50, elektrisiteit- en waterrekening is R159,94, terwyl die gemiddelde uitgawe op hout as brandstof R60,51 per maand is. Gesien teen die relatiewe lae inkomste van werkersklashuishoudings, word 'n groot deel van die besteebare inkomste daaraan bestee (gemiddeld R268,95 per maand). Die eintlike dilemma is dat hierdie uitgawes dwarsdeur die jaar gedek moet word, terwyl die huishouding 'n verlaging in inkomste vir ongeveer ses maande ervaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is gedurende hierdie ses maande dat die armoedebestaan van die mense in al sy fasette ernstige afmetings aanneem. Dit is in hierdie konteks dat die navorser aansluiting wil vind by die literatuuroorsig in hoofstuk een. Die seisoengebondenheid skep sekere omstandighede wat armoede bevorder, byvoorbeeld werkloosheid, verminderde inkomste en ontoeganklikheid tot basiese behoeftes. Dit is in hierdie tyd in Ceres dat kinders veral swak geklee is, skuldlaste vergroot, drankmisbruik verhoog,



https://etd.uwc.ac.za/

armoedverwante siektes (veral tuberkulose) toeneem en talle mense werkloos is.

In 'n onderhoud met die Departement Gesondheid van Ceres Munisipaliteit is daar verklaar dat die aantal tuberkulose gevalle in Ceres vanaf 1983 tot 1993 met 312,5% toegeneem het. Ceres tesame met die Wes-kusstreek word geklassifiseer as 'n "hoë-kol" tuberkulosegebied in Wes-Kaapland. Dit is veral vanaf Augustus- tot Novembermaand (afseisoen) dat 'n toename in tuberkulosegevalle gerapporteer word. Alhoewel seisoenarbeid nie direk gekoppel kan word aan tuberkulose nie, is bogenoemde departement dit eens dat die wan- en ondervoeding en oorbewoning in huise aanleiding gee tot allerlei sosiale en patologiese probleme wat die voortplanting van tuberkulose stimuleer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is gedurende die afseisoen dat sy/haar skuldlas hom/haar binne 'n reeks afhanklike verhoudinge forseer waarin hy/sy geëksploiteer word deur diegene wat geldelike hulp verleen of diegene wat werk aanbied. Dit is toe te skryf aan hierdie sukkelbestaan dat van die seisoenwerkers (40,5%) afhanklik raak van geleende geld. Die feit dat 40,5% van die seisoenwerkers (ten spyte van die ondersteunende netwerk van die uitgebreide gesin) van geleende geld afhanklik is, weerspieël die armoedebestaan van diésulkes. Dit is in hierdie gesinne waar meer as een seisoenwerker is, en werkloosheid ernstige afmetings aanneem. 43,7% van diegene wat geld leen, het



https://etd.uwc.ac.za/

aangevoer dat hulle gedurende die winter van geleende geld afhanklik is, terwyl 5,6% heel jaar geld leen. Hierdie sosio-ekonomiese laag van die bevolking het nie die vermoë om by finansiële instellings geld te leen nie, en wend hulle dus tot familielede of geldvoorskieters. Hulle word op groot skaal deur geldvoorskieters geëksploiteer wat tot soveel as 100% rente vra. Alhoewel respondente dit nie bevestig het nie, word geleende geld soms ook aan drank bestee. Hierdie onoordeelkundige besteding van geld verdiep slegs die armoedebestaan.

Onderstaande tabel 3.20 gee 'n aanduiding van hoe die geleende geld aangewend word.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

TABEL 3.20 AANWENDING VAN GELEENDE GELD.

| Bron | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Kos | 43 | 69,4% |
| Siekte | 7 | 11,3% |
| Skoolgeld | 4 | 6,5% |
| Skuld | 4 | 6,5% |
| Elektrisiteit en water | 3 | 4,8% |
| Onderhoud betaal | 1 | 1,6% |
| Totaal | 62 | 100,0% |

Bostaande tabel weerspieël die armoedetoestand van hierdie mense deurdat geleende geld hoofsaaklik aangewend word vir die mees basiese behoefte van die mens, naamlik kos. Dit is ook kommerwekkend dat geld geleen moet word om dokters te besoek.



https://etd.uwc.ac.za/

Gesondheidsdienste is beskikbaar, maar die gebrek aan geld maak dit vir sommige ontoeganklik. In dié verband het een van die algemene praktisyns bevestig dat hy gedurende die winter 'n merkwaardige afname ondervind van ongeveer 20% (ten spyte van 'n toename van winter-verwante siektes ) ten opsigte van sy laer sosio-ekonomiese pasiënte. Hy skryf dit toe aan 'n gebrek aan kontant in huishoudings gedurende die winter.

6,5% van die respondente vind dit moeilik om hul kinders op die skoolbanke te hou gedurende die afseisoen. Dit het 'n negatiewe invloed op die opvoedingspeil van die gemeenskap. Die sukkelbestaan moedig vroeë skoolverlating aan. Dit is hierdie kinders wat reeds op 'n jong ouderdom deel vorm van die ongeskoolde arbeidsmag waarop die vrugtefabrieke floreer.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die feit dat onderskeidelik 6,5% en 4,8% van die respondente geld leen om hul skuld en munisipale rekeninge te betaal, is aanduidend van die voortslepende skuldlas waarin sommige van die mense hul bevind.

Voorts word daar nou aandag gewy aan die derde aspek van hierdie hoofstuk, naamlik die toekomspersepsie wat seisoenwerkers het jeens hom-/haarself en teenoor seisoenarbeid.



https://etd.uwc.ac.za/

## 3.4 TOEKOMSPERSEPSIE

Vir hierdie navorsingsprojek is dit belangrik om te bepaal hoe die seisoenwerker sy/haar toekoms sien binne die konteks van seisoenarbeid. Vanuit die aard van die voorafgaande analise is dit net logies dat daar afsonderlik gekyk moet word na die persepsies van die onderskeie kategorieë van seisoenwerkers (broodwinner, eggenote, enkelouer en kind).

Die analise (toekomspersepsie van seisoenwerkers) sentreer rondom tabel 3.21 en tabel 3.22. Tabel 3.21 reflekteer die verskillende response op die vraag: "Hoe sien u 'n toekoms as seisoenarbeider?". Die meeste respondente het meer as een antwoord verskaf.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

TABEL 3.21 TOEKOMSPERSEPSIE.

| Respons | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| Geen toekoms | 17 | 7,5 |
| Tydelike heenkome | 88 | 35,2 |
| Slegs toekoms indien permanent | 49 | 21,6 |
| Geen voordele by aftrede | 4 | 1,8 |
| Al wat ek kan doen | 22 | 9,7 |
| Seisoenwerk onderhou my al 'n lang tyd | 11 | 4,8 |
| Dit pas my omstandighede | 9 | 4,0 |
| Sal elke winter sukkel | 21 | 9,3 |
| Beste werk in Ceres | 14 | 6,1 |
| Totaal | 227 | 100,0% |

Die tabel toon 'n wye reeks response wat eintlik afgeskaal kan



https://etd.uwc.ac.za/

word tot twee afleidings: seisoenarbeid hou vir die minderheid 'n toekoms in, terwyl dit vir die meeste respondente nie 'n toekoms inhou nie.

Diegene wat 'n toekoms sien in seisoenarbeid, het die volgende aangevoer: "seisoenwerk onderhou my al 'n lang tyd" en "seisoenwerk pas my omstandighede". In 'n kruistabulasie (tabel 3.22) tussen toekomspersepsie en verwantskap is bevind dat dit hoofsaaklik van die broodwinners is wat bostaande menings huldig. In hierdie verband is die broodwinners hoofsaaklik pensioenarisse wat seisoenwerk verrig om die ontoereikende pensioentoelae aan te vul. Op hierdie stadium het van hulle nog afhanklikes (veral kleinkinders) wat hulle moet versorg. Opvolgonderhoude het die volgende bevind ten opsigte van bostaande response. Daar is bevind dat hierdie respondente reeds 'n jare lange verbintenis (tot soveel as sewe en veertig jaar) met die fabrieke het en voorheen heeltyds in die fabrieke gewerk het. Met faktore soos koue toestande in fabrieke, swak gesondheid, kinderversorging in winter en aanvullende seisoeninkomste kan hierdie respondente heeltemal tereg noem dat seisoenarbeid hulle pas. Tabel 3.2 reflekteer egter dat hierdie respondente 'n oorweldigende minderheid (11%) is. Die res van die broodwinners is sterk van mening dat hulle nie 'n toekoms het in seisoenarbeid het nie. As geskeides, jong weduwees, getroud en ongetroud, asook vrouens wie se mans hul verlaat het, is hierdie broodwinners afhanklik van 'n heeltydse inkomste.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Response soos, "fabriek het beter werksure", "ek hou van die werk" en "fabriek het beter lone" is by 5,5% van die seisoenwerkers genoem as redes daarvoor dat seisoenwerk hul pas. Diésulkes verkies 'n vyfdae-werkweek. Dit, tesame met die hoër fabriekloon, verklaar waarskynlik waarom werkers bereid is om 'n voltydse werk elders in die dorp te verlaat vir seisoenwerk.

Ongeveer 80% van die seisoenwerkers is dit eens dat seisoenarbeid nie 'n toekoms vir hulle inhou nie. Die meeste is van mening dat seisoenarbeid slegs 'n tydelike heenkome bied en dat dit slegs 'n toekoms inhou indien hulle heeltyds by die fabriek werk. Dit is veral die "enkelouer", "kind" en "eggenote" wat hierdie mening huldig (sien onderstaande tabel 3.22). Hulle het hulle tot seisoenarbeid gewend omdat dit op daardie stadium die enigste uitweg was. Gegee sy/haar werkersklasposisie (swak bedingingsvermoë, ongeskooldheid en beperkte werkgeleenthede), is dié fabrieke met hul "hoër" loonskale die beste uitweg. Dit reflekteer die respons (van veertien respondente) dat seisoenwerk die "beste werk in Ceres" is. Dit word vergestalt deurdat vroeë skoolverlaters en toenemend gematrikuleerdes hulle direk na skool tot die fabrieke wend. 'n Onlangse opname (10 Maart 1994) deur die navorser het bevind dat vyf en twintig skoolverlaters (in 1993) van die Sekondêre Skool Ceres direk na skool opgeneem is in die fabrieke.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

TABEL 3.22 KRUISTABULASIE:

TOEKOMSPERSEPSIE TEENOOR VERWANTSKAP.

| Toekomspersepsie | Verwantskap | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Broodwinr. | Eggenote | kind | Enkelouer | Totaal |
| Geen toekoms | 1 | 4 | 5 | 7 | 17 (6,7%) |
| Tydelike heenkome | 8 | 33 | 16 | 31 | 88 (34,8%) |
| Slegs toekoms indien permanent | 12 | 11 | 10 | 17 | 50 (19,8%) |
| Geen aftreevoordele | 2 | 2 | | | 4 (1,6%) |
| Al wat ek kan doen | 9 | 5 | 1 | 7 | 22 (8,7%) |
| Seisoenwerk onderhou my reeds lank | 9 | 4 | 1 | | 14 (5,5%) |
| Seisoenwerk pas my | 6 | 6 | | 2 | 14 (5,5%) |
| Sal elke winter sukkel | 5 | 7 | 3 | 13 | 28 (11,1%) |
| Beste werk in Ceres | 1 | 7 | 4 | 4 | 16 (6,3%) |
| Totaal | 53 | 79 | 40 | 81 | 253 (100%) |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Van die respondente (8,7%) is van mening dat seisoenwerk al is wat hy/sy kan doen. Dit is aanduidend van die beperkte moontlikhede waarmee die werkersklas gekonfronteer word. Die beste wat hy/sy kan doen, is om vol te hou met die seisoenwerk totdat hy/sy heeltyds by die fabriek werk. Dit is veral die enkelouer wat bostaande respons verskaf het. Soos reeds genoem, was die enkelouer op 'n vroeë stadium (na tienerswangerskap) reeds genoodsaak om tot die arbeidsmark toe te tree. Vir hulle was die ongeskoolde arbeid in die vrugtefabrieke die vinnigste oplossing.

Wat die toekoms betref, is veral die enkelouer (34%) en sommige broodwinners (19%) van mening dat hulle maar elke winter 'n



https://etd.uwc.ac.za/

sukkelbestaan sal voer. Dit is veral in die winter dat die enkelouer se kwesbaarheid ten opsigte van voortbestaan toeneem. In die winter is die meeste van hulle afhanklik van die res van die inkomstenetwerk van die uitgebreide gesin.

Van die respondente (1,6%) voel dat daar in seisoenarbeid geen voordele is by aftrede nie. Huidiglik maak arbeidswetgewing nie juis voorsiening vir aftreevoordele ten opsigte van seisoenarbeid nie. Daar bestaan wel 'n voorsorgfonds vir fabriekswerkers, waarby die seisoenwerkers ook kan aansluit. Professor Cornie Groenewald van die Universiteit van Stellenbosch het egter bevind dat seisoenwerkers nie juis by sulke skemas aansluit nie omdat die seisoenwerker sy/haar geld op die kort termyn nodig het en dit nie wil prysgee vir langtermyndoelwitte nie (Sagtevrugteboer, 1993: 414). By CFG is deelname aan die voorsorgfonds egter verpligtend vir alle weekliksbesoldigde werknemers (seisoenwerkers ingesluit). Met die aanbreek van elke werkseisoen hervat die seisoenwerkers sy voorsorgfonds. Diegene wat sy voorsorgfonds opeis aan die einde van die werkseisoen, se dienste word opgeskort. Enersyds kom die fabriek sy sosiale verantwoordelikheid teenoor sy werknemers na deur 'n "aftreevoordeel" te skep, maar andersyds dien dit as meganisme om 'n stabiele seisoenarbeidsmag te skep.

Die besluitnemingsproses om met seisoenarbeid te volhard, word deur dieperliggende strukture gedetermineer. Fabriekeienaars wat



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

die verhoudinge van produksie beheer en die kragte van produksie (kapitaal) tot sy beskikking het, skep ekonomiese strukture (voorsorgfonds, behuising, stukwerkloon) om die volgehoue produksieproses in vrugtefabrieke te verseker. Hierdie strukture verhoed dat die werkersklas sy onmiddellike belange raaksien, onder andere heeltydse indiensneming en beter lone.

Dit is opvallend dat dit veral die kategorieë "enkelouer" en "kind" is wat prontuit noem dat seisoenarbeid "geen toekoms inhou" nie. Die onafhanklikheid van hierdie groep met hulle relatiewe jong ouderdom word beperk sodat hulle telkens in die afseisoen moet terugval op die ouerhuis om 'n bestaan te maak.

Hierdie seisoengebondenheid het 'n direkte impak op die mobiliteit van die seisoenwerker. In dié verband het enkelouers genoem dat hulle in die afseisoen van hul ouers afhanklik is om na hul kind(ers) en hulself om te sien. Van die seisoenwerkers het genoem dat hulle Ceres nie sal verlaat nie, want "hier het hul ten minste 'n vaste woonplek". Hierdie respons reflekteer die kwesbaarheid van die werkersklas. Sy/haar toekoms is dikwels gebou rondom huisvesting. Finansiële beperkinge en die swak bedingingsvermoë van die werkersklas maak dit moeilik om behuising te bekom. Die gevolg is dat huiseienaarskap hom/haar verbind tot die werkplek. In hierdie verband speel die behuisingskemas van die verskeie fabrieke 'n definitiewe rol. Dit is veral in hierdie fabriekshuise



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

waar soms tot vier gesinslede by dieselfde fabriek werk (waarvan tot drie seisoenwerkers is). Soos genoem, vorm behuisingskemas deel van die onderliggende struktuur om 'n stabiele arbeidsmag te skep.

## 3.5 SAMEVATTING

Alhoewel hierdie sentrale hoofstuk rondom drie aspekte sentreer, word daar ter samevatting slegs gereflekteer op die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid en tweedens op die toekomspersepsie van seisoenarbeiders.

Die analise beklemtoon een belangrike kenmerk van die seisoenwerkerhuishouding. 'n Oorwegende meerderheid van die seisoenwerkers het 'n groot stryd in die afseisoen om sy/haar basiese behoeftes te bevredig, terwyl 'n klein persentasie heel jaar 'n sukkelbestaan voer. Hierdie "enzala" (periode van swaarkry) in die winter word in 'n mate verlig met die aanbreek van die volgende werkseisoen. Die ekonomiese oorlewing van die oorgrote meerderheid seisoenwerkers word tot 'n krisispunt gevoer in die afseisoen. Hierdie krisis om ekonomiese voortbestaan word gedeeltelik afgeweer deurdat die seisoenwerker funksioneer binne die ondersteunende netwerk van die uitgebreide gesin.

Wat die toekomspersepsie van seisoenwerkers betref, is daar een



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

sentrale afleiding. Seisoenarbeid hou nie 'n toekoms in vir die meeste seisoenwerkers nie, maar dit is huidiglik die beste uitweg. Gegee sy/haar werkersklasposisie, is daar nie juis veel alternatiewe keuses in Ceres beskikbaar nie. Sy/haar enigste hoop is om 'n heeltydse aanstelling by die fabriek te kry. Indien nie, sal die armoedebestaan elke winter verdiep.

Wat die toekoms betref, is die seisoenwerker daarvan bewus dat hy/sy binne die konteks van seisoengebondenheid nie kan wegbreek uit die siklus van "seisoenarmoede" nie. Dit verbind hom/haar om binne die uitgebreide gesin met sy ondersteunende netwerk te funksioneer. Dit op sigself beperk die mobiliteit van die seisoenwerker.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

# HOOFSTUK 4

## SEISOENARBEID : 'N EVALUASIE

### 4.1 INLEIDING

Die algemene voorkoms van chroniese armoede in Ceres en die oorheersing van die Ceres-ekonomie deur die sagtevrugtebedryf was van die belangrikste beweegredes vir hierdie sosio-ekonomiese impakstudie. Gesien teen die agtergrond van 'n chroniese armoedetoestand in Ceres, word daar in die probleemstelling veronderstel dat seisoenarbeid die armoedebestaan perpetueer.

Hierdie finale hoofstuk het dit eerstens ten doel om die bevindinge ten opsigte van die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid te omskryf om sodoende die kennis ten opsigte van bestaande literatuur aan te vul. Die enkele aanbevelings wat hieruit spruit, moet as 'n beskeie poging beskou word om die nadelige impak van seisoenarbeid te verlig. Dit is die strewe van die navorser dat die bevindinge en aanbevelings in toekoms geplaas moet word binne die raamwerk van plaaslike en regionale regeringstrukture. Die bevindinge in hierdie navorsingsprojek spruit uit die navorser se eie verstaan van die ontleding van empiriese data wat gerigsnoer word deur die gegewe teoretiese raamwerk.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Alvorens die bevindinge en aanbevelings gemaak word, word 'n beknopte evaluasie verskaf van die vrugtefabrieke se koöperatiewe verbintenis tot 'n verlengde werkseisoen vir seisoenwerkers.

## 4.2 **DIE VERLENGDE WERKSEISOEN**

Vanuit die navorsing is dit duidelik dat seisoenarbeid sterk gewortel is in die Ceres-ekonomie. Dit het 'n historiese aanloop wat reeds vroeg in dié eeu sy beslag in die hinterland van Ceres gekry het. Met die sentralisering van vrugtefabrieke in Ceres het 'n steeds groeiende seisoenarbeidsmark ontwikkel. Alhoewel dit werk skep vir 'n snelgroeiende werkersklasbevolking, het dit andersyds tot gevolg dat 'n beduidende komponent van die werkersklas-bevolking gedurende die winter werkloos is of 'n verlaagde inkomste het. Die totale eliminasie van seisoenarbeid in die vrugtebedryf is vergesog, maar tog moet daar 'n volgehoue poging wees om die werkseisoen vir sy werknemers te verleng. Die verlenging van die werkseisoen is van kardinale belang omdat Ceres nie alternatiewe werkgeleenthede vir seisoenwerkers in die afseisoen kan aanbied nie. Vervolgens word 'n kort evaluasie gegee van die mate waarin die vrugtebedryf daarin geslaag het om die werkseisoen vir sy talle werknemers te verleng.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Die diagrammatiese voorstelling (sien figuur 2 in hoofstuk twee) ten opsigte van indiensname by die grootste fabriek (CFG) dui daarop dat die fabriek sedert 1982 daarin slaag om meer mense heeltyds in diens te hou. Ook word 'n minder drastiese afname ervaar ten opsigte van indiensname ná afloop van die spitstyd.

Die navorser is van mening dat hierdie tendens enersyds gekoppel behoort te word aan die fisiese groei en omvangryke uitbreiding wat maatskappye soos CFG en Du Toit Vrugte ervaar, en andersyds is daar oor die jare heen definitiewe maatreëls aangewend om die werkseisoen te verleng. CFG en Du Toit Vrugte is die afgelope dekade gekenmerk deur ongekende groei. Die toename in pakhuise het noodwendig tot gevolg dat meer heeltydse werkers nodig is vir die hantering van verhoogde tonnemaat vrugte en optimale funksionering van die fabrieke.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Verbeterde verkoelingstegnologie het ook 'n toenemende rol gespeel. So was Beheerde Atmosferiese opberging (BA-opberging) 'n groot stimulus vir die vrugteverpakkingsbedryf. BA-opberging is die modifikasie van die atmosfeer in 'n koelkamer om die fisiese en metaboliese agteruitgang van vrugte te vertraag (CFG Nuusblad, 1983: 5). Omdat vrugte tot 'n jaar lank geberg kan word, het dit groter indiensname van



https://etd.uwc.ac.za/

heeltydse werkers tot gevolg.

Behalwe vir die impak van die grootskaalse ekonomie en verhoogde opbergingsvermoë as gevolg van verbeterde verkoeling, blyk daar ook definitiewe maatreëls te wees rakende 'n verlengde werkseisoen. So is daar maatreëls wat ooreenkomste toon met die aanbevelings wat gemaak is deur die Buro vir Ekonomiese Ondersoek se Tussentydse Verslag insake Ekonomiese Potensiaal vir Wes-Kaapland. In Paragraaf 3.26 word aanbeveel: "... hoër doeltreffendheid in benutting van produksie eenhede deur diversifisering van produkte geprosesseer..." (Roets, 1979).

In dié verband het Ceres Food Industries ook kleinskaalse inmaakbedrywe benewens die vervaardiging van konsentrate. Ceres Vrugte Droëry voer ook ander vrugte in wat buite die plaaslike seisoentyd ryp word. CFG, Du Toit Vrugte en ander pakstore het onlangs begin om lemoene in die winter te verpak.

Sommige fabrieke gebruik mans in die afseisoen om palette en kratte te herstel en te vervaardig. Dit blyk asof dit makliker is om die werkseisoen vir manlikes te verleng. Omdat vrouens direk die vrugte hanteer, is hul verlengde werkseisoen afhanklik van 'n verhoogde tonnemaat vrugte of



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

die invoer van alternatiewe vrugte in die afseisoen.

Die beleid van werkdeling is 'n ander strategie om die werkseisoen te verleng. Met werkdeling word nie addisionele werk geskep nie, maar word dieselfde hoeveelheid werk onder meer werknemers verdeel. Met werkdeling word beoog om indiensnemingsvlakke gedurende relatief kort tydperke te handhaaf wanneer werkers andersins (afseisoen) ontslaan sou gewees het (Nasionale Mannekragkommissie, 1988: 27). CFG, Du Toit Vrugte en van die ander fabrieke wend hulle in die afseisoen tot die strategie van werkdeling. Dit het tot gevolg dat sommige seisoenwerkers 'n verkorte werkweek van twee tot drie dae het of elke alternatiewe week in die fabriek werk. Die navorser het bevind dat die respondente wat werksaam is by Du Toit Vrugte hierna verwys as "deeltydse werk".

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die navorsing het bevind dat die meeste respondente die beleid van werkdeling aanvaar, terwyl 'n groep dit beskou as "nie die moeite werd om vir twee dae te werk nie". Hiérdie groep verkies om gedurende die winter hul rol as huisvrou te vervul.

Die vraag ontstaan of daar genoeg gedoen word deur plaaslike fabrieksowerhede om die werkseisoen vir seisoenwerkers te



https://etd.uwc.ac.za/

verleng. Op verskillende terreine spreek amptenare hul besorgdheid uit omtrent die seisoengeoriënteerdheid van die vrugtebedryf. Fabrieke verbind hulle tot 'n deurlopende soektog na "nuwe" vrugte wat buite die plaaslike seisoen ryp word. Ook word programme onderneem om die kundigheid van werknemers te verbreed sodat hulle in die afseisoen met alternatiewe take besig kan wees. Tot dusver het die onderskeie maatreëls beperkte sukses omdat die omvang van seisoenarbeid so groot is. Dit blyk asof die beleid van werkdeling op hierdie stadium die mees werkbare een is.

## 4.3 BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN DIE SOSIO-EKONOMIESE IMPAK VAN SEISOENARBEID

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

Dit is nie die oogmerk van hierdie onderafdeling om die analise in die voorafgaande hoofstuk te herhaal nie. Dit is eerder daarop gemik om die onmiddellike aandag te vestig op kernbevindinge van die navorsingsprojek. Dit is die oortuiging van die navorser dat hierdie bevindinge die grondslag moet lê vir toekomstige aksienavorsing jeens seisoenarbeid.

A. - Verhoogde werkloosheid in die winter is 'n refleksie van die beperkte ekonomiese basis waaroor Ceres beskik. Daar word te veel op die vrugtebedryf



https://etd.uwc.ac.za/

gesteun. Indien die vrugtebedryf in die nabye toekoms op groot skaal meganiseer sal dit verreikende sosio-ekonomiese implikasies vir die Ceres-gemeenskap inhou. Weens die oorheersing van die vrugtebedryf sal dit 'n menigvuldigereffek op die Ceres-ekonomie hê. Behalwe vir 'n toename in werkloosheid sal die besigheidsektor in so 'n mate daardeur geraak word dat hul moeilik daarvan sal herstel.

B. - Gedurende die maande Januarie tot April ervaar die grootste deel van die Ceres werkersklasgemeenskap 'n periode van relatiewe "groter ekonomiese voorspoed". Dit het 'n oorspoeleffek op die sake- en dienssektor van Ceres deurdat omsetsyfers gedurende die periode verhoog. Seisoeninkomstes word onmiddellik verbruik sodat daar weinig geleentheid vir spaar is. Aan die anderkant het sommige fabrieksamptenare die persepsie dat seisoeninkomste 'n gulde geleentheid is om geld te akkumuleer vir die "swaarkry in die winter". Van akkumulasie is daar egter geen sprake nie omdat die seisoeninkomste aangewend word vir basiese behoeftes soos kos en klere, delging van skuld en soms die aanskaf van ameublement.

C. - Die meeste seisoenwerkershuishoudings word gekenmerk



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

deur 'n sukkelbestaan in die winter, terwyl sommige huishoudings heel jaar 'n sukkelbestaan voer. In die winter spits die huishoudings hul hoofsaaklik toe op die bevrediging van basiese behoeftes soos kos, klere en die betaal van huur-, water- en elektrisiteitsrekeninge. 'n Beduidende getal huishoudings is nie in staat om hul munisipale rekeninge te vereffen nie. Die meeste huishoudings verkeer in 'n skuldsiklus waaruit hulle nie kan wegbreek nie.

D. - Dit verg 'n besondere vermoë vir seisoenwerkers om hul gesinsbehoeftes aan te pas by 'n patroon van seisoenale inkomstes. 'n Minderheid is wel daartoe in staat, terwyl die res in 'n skuldsiklus verval.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

E. - Die seisoenwerker het nie juis die vermoë om 'n onafhanklike bestaan te voer nie. Hy/sy maak 'n ekonomiese bestaan binne die konteks van die uitgebreide gesin. Hierdie uitgebreide gesinne bestaan gewoonlik uit heelwat enkelouers, ekonomies aktiewe volwasse kinders en verwantskapslede. Dit op sigself beperk die mobiliteit van die seisoenwerker sodat hy/sy vasgevang word binne die ouerhuis. Gevolglik is Ceres hul enigste leefwêreld en verwysingsraamwerk.



https://etd.uwc.ac.za/

F. - Welsynsgeld (pensioen-, ongeskiktheids- en onderhoudstoelae) vorm 'n belangrike (soms noodsaaklike) deel van die totale huishoudinginkomste waarmee die afseisoen oorleef kan word.

G. - Gegee die beperkte werkgeleentheidstruktuur van Ceres en ongeskooldheid van die arbeidsmag, is seisoenwerk die enigste uitweg vir die meeste. Dit is bevind dat seisoenwerkers nie juis eksperimenteer met ander werkgeleenthede nie. Die groot reserwe-ongeskoolde arbeidsmag en hoë werkloosheid gee aanleiding tot sterk mededinging. Die meeste seisoenwerkers volhard by die fabrieke met die verwagting dat hy/sy 'n heeltydse aanstelling sal kry. Dit bring mee dat die seisoenarbeidsmag 'n besonders stabiele een in Ceres is. In voorafgaande gedeeltes is aangevoer dat die stabiele arbeidsmag gefasiliteer is deur dieperliggende politiek-ekonomiese strukture in 'n kapitalistiese bestel. In hierdie verband speel behuisingskemas en stukwerkloon 'n besonderse rol om 'n stabiele arbeidsmag te bewerkstellig.

H. - 'n Sterk reprodusering van die seisoenarbeidsmag vind hoofsaaklik plaas binne die behuisingskemas van vrugtefabrieke. Sodra kinders van hierdie huise 'n



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

ekonomies aktiewe ouderdom bereik, gaan soek hul 'n heenkome by die fabrieke. Dit op sigself gee aanleiding tot vroeë skoolverlating by werkersklasleerlinge.

I. - Die ekstensiewe gebruik van die vrou as seisoenwerker het noodwendig kinderversorgingsprobleme tot gevolg. Beide voor- en naskoolse versorgingsprobleme lei soms tot verhoogde afwesigheid by die werkplek, asook tot addisionele finansiële uitgawes.

J. - Die seisoenwerkers van Ceres bevind hulle in 'n stedelike ekonomie en het meesal in die afseisoen geen werk waarheen hulle terugkeer nie. Slegs 37,3% van die respondente bevind hulle in die afseisoen in 'n deeltydse werk (wat hoofsaaklik vrugtefabrieke insluit). Aan die anderkant keer die Mexikaanse seisoenpendelaars en seisoenwerkers in tropiese gebiede in die afseisoen terug na sy/haar eie landbougrond of migreer hulle na ander seisoengebonde aktiwiteite.

## 4.4 AANBEVELINGS

Die beperkte aanbevelings in hierdie navorsingsprojek moet gesien word teen die agtergrond van die beskikbare empiriese data, sowel as die opinies en bevindinge van segspersone en



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

die gemeenskap betrokke. Die aanbevelings het een gemeenskaplike doelwit: om die armoedetoestand gekoppel aan seisoengebondenheid teen te werk. Ten slotte moet die leser besef dat hierdie aanbevelings slegs as riglyne beskou moet word. Die verfyning en praktiese uitvoerbaarheid daarvan berus by diegene in beheer van die produksieproses én owerheidsinstellings soos plaaslike bestuursrade. In hierdie verband moet die vakbondwese as die nodige drukgroep funksioneer om momentum te verleen aan maatreëls wat die nadelige impak van seisoenarbeid kan teëwerk.

A. - Die munisipale owerheid, die plaaslike bestuursraad (huidige oorgangsraad) en gemeenskapsorganisies moet 'n stelsel ondersoek om seisoenwerkershuishoudings in die afseisoen tegemoet te kom aangaande die delging van huur-, water-en elektrisiteitrekeninge. Seisoenwerkers wat in gebreke bly om bostaande rekeninge te vereffen, moet vergunning kry om die opgeloopte rekeninge in die seisoentyd (met geen of minimum rente) te delg. 'n Uitvoerbaarheidstudie en die samewerking van die munisipale owerheid is van kritieke belang vir die ontwikkeling van so 'n stelsel. Onderhoude het aan die lig gebring dat die munisipale owerheid bewus is van hiërdie dilemma van seisoenwerkers én wel begrip toon vir individuele gevalle ten opsigte van die delging van

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

bogenoemde rekeninge. So 'n stelsel sal sommige seisoenwerkers gedurende die afseisoen minder afhanklik van geleende geld maak en sal sodoende die skuldsiklus in 'n mate verbreek.

B. - Daar moet gedurig ondersoeke wees na die moontlike skep van meer verwante nywerhede in die vrugtebedryf. In dié verband het die plaaslike owerheid 'n rol te speel deur goedkoop nywerheidspersele beskikbaar te stel wat sodoende 'n sentralisering van vrugteverwante nywerhede in Ceres kan aanmoedig. Intussen moet fabrieke voortgaan met die diversifisering van produkte wat by die onderskeie fabrieke geprosesseer word. In die verband word daar spesifiek verwys na die inmaak van vrugte van buite die streek. Terselfdertyd moet daar gedurig gesoek word na die verpakking van vrugte wat buite die plaaslike seisoen ryp word.

C. - Personeelbeamptes van fabrieke moet 'n struktuur skep waarin hulle hul deeglik vergewis van die sosio-ekonomiese omstandighede van hul werknemers om sodoende rasionele besluite te neem aangaande heeltydse aanstellings. Daar bestaan 'n ontevredenheid onder sommige seisoenwerker rakende die aanstelling van heeltydse werkers en die vroeë afsit van seisoenwerkers.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

Hulle is van mening dat daar teen hulle gediskrimineer word. Omdat die voorman/-vrou 'n belangrike rol vervul ten opsigte van aanbevelings, moet daar toegesien word dat hulle alle werkers in sy/haar werkspan "objektief" beoordeel. Alhoewel daar vaardigheidskursusse bestaan ten opsigte van kommunikasie en bestuursleiding vir voorvroue/-mans by fabrieke, moet fabrieksowerhede omsien na die professionele integriteit én aanvaarding van diesulkes op die fabriek-vloer.

D. - Die fabrieke in samewerking met die plaaslike owerheid moet die moontlikheid van die daarstelling van voor- en naskoolse kinderversorgingsfasiliteite ondersoek. Dit is veral noodsaaklik in Ceres omdat so 'n groot persentasie van Ceres se moeders ekonomies aktief is gedurende die seisoentyd. Dit is bevind dat kinderversorgingsprobleme aanleiding gee tot verhoogde afwesigheid by die werkplek en die reeds beperkte besteebare inkomste van seisoenwerkers verder benadeel. Omdat die twee grootste bewaarskole kleuters reeds vroegmiddag huis toe stuur, veroorsaak dit dat hulle hoofsaaklik in die sorg van ouer broers of susters (meesal skoolgaande) gelaat word. Dit is onwenslik dat skoolgaande kinders kleuters in die namiddae versorg. In sommige gevalle moet addisionele kinderversorging gereël word wat verdere finansiële



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

uitgawes tot gevolg het.

## 4.5 SLOTOPMERKINGS

Seisoenarbeid floreer binne 'n kapitalistiese bestel. Dit maak gebruik van 'n groot reserwe-goedkoop, ongeskoolde arbeidsmag wat bereid is om 'n sekere tyd van die jaar afgesit te word. Binne die eksploiterende kragte van kapitalisme word die seisoenwerker vasgevang binne seisoenarbeid. Die werker se volgehoue deelname aan seisoenarbeid lei nie tot sy/haar eie ekonomiese vooruitgang nie, maar bevorder wel die belange van die fabrieksbesitters. So het die vrugtefabrieke vanaf die vroegste jare ongekende groei getoon, terwyl seisoenwerkers jaarliks vasgevang is in seisoenarmoede. Oor die jare heen is die seisoenwerker gekondisioneer deur 'n kortstondige opflikkering van 'n seisoeninkomste wat aan hom/haar 'n tydelike blaaskans verskaf.

Daar bestaan 'n persepsie by sagtevrugteboere en fabrieks-eienaars dat die sagtevrugtebedryf addisionele werkgeleenthede skep in die seisoentyd - dat seisoenarbeid beskou word as 'n ekstra bron van inkomste. In dié verband noem Unifruco, mondstuk van die sagtevrugtebedryf: "... in addition up to 60 000 seasonal workers from areas of high



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

unemployment find work during the season" (Unifruco, 1992: 22). Die teendeel is egter dat die vrugtebedryf swaar steun op die beskikbaarheid van 'n bedrewe seisoenarbeidsmag. Seisoenarbeid is vir die meeste die enigste uitweg om 'n ekonomiese bestaan te maak. In die verband wil die navorser aansluit by May (1987) en Natrass (in May 1987) dat deelname aan seisoenarbeid eerder beskou moet word as 'n oorlewingstrategie.

Die empiriese data van hierdie navorsingsprojek ontbloot die persepsie van "addisionele inkomste" grotendeels van alle waarheid. Hierdie houding (dat hulle ekstra werkgeleenthede skep) is waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat 'n sosio-ekonomiese impakstudie oor seisoenarbeid tot dusver agterweë gebly het in die Suid-Afrikaanse navorsingsdomein.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die navorser is dit eens dat seisoenarbeid 'n integrale deel van die vrugtebedryf vorm. Juis daarom moet die vrugtebedryf gedurig vergewis van die sosio-ekonomiese impak van seisoenarbeid en besef dat hy 'n sosiaal verantwoordelike rol het om te speel. Die surplus wins wat geakkumuleer word, behoort gekanaliseer te word na die behoeftes van een van die belangrike boustene van die vrugtebedryf, die seisoenwerker.

Wat betref die sentrale tesis van hierdie studie dat



https://etd.uwc.ac.za/

"seisoenarbeid armoede bevorder", word tot die volgende slotsom gekom: dit is die onomwonde mening dat daar 'n kousale verband tussen seisoenarbeid en 'n armoedebestaan is. Dit is egter duidelik dat daar nie veralgemeen kan word ten op sigte van die omvang van die armoedebestaan by die onderskeie seisoenwerkers nie.

Die studie het bewys dat daar op die huishoudingsvlak 'n dieper dinamika bestaan. Die sosiale rol (broodwinner, eggenote, kind, enkelouer en pensioenaris) van die seisoenwerker het 'n eiesoortige impak op die ekonomiese bestaan van die huishouding. Sy/haar werksklassifikasie (werkloos of deeltydse werk) in die afseisoen; die inkomsteposisie van die broodwinner; die getal seisoenwerkers in dieselfde huishouding en die huishoudingsamestelling is almal veranderlikes wat 'n direkte impak het op die armoedebestaan van die betrokkenes. Dit het tot gevolg dat die omvang en graad van armoede binne dieselfde gemeenskap intraverskille openbaar.

Hierdie relatiwiteit van armoede word empiries opgesom deurdat 83,3% van die respondente aangedui het dat hulle in die winter 'n sukkelbestaan voer, terwyl 2,4% van hulle dwarsdeur die jaar 'n sukkelbestaan voer en 14,3% nie 'n sukkelbestaan het nie. Hierdie statistiese gegewens



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

reflekteer egter tog die kousale verband tussen seisoenarbeid en armoede deurdat 83,3% van die huishoudings hul "enzala" in die afseisoen ervaar.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

## BIBLIOGRAFIE


**Anderson, J.,** 1990: Rural Credit and the Mix between Permanent and Temporary wage labor contracts in Pernambuco, Brazil. American Journal of Agricultural Economics, Vol. 72. No. 5.

**Bevolkingsensus,** 1991: Sentrale Statistiekdiens, SSD-Verslag, No. 03.01.09., Pretoria.

**Botha, A.,** 1992: Werkloosheidsversekeringswet, Praktiese Implikasies. Landbouweekblad, 3 Julie 1992.

**Breman, J. C.,** 1984: Seasonal Migration and Cooperative Capitalism: The Crushing of Cane and Labor by the Sugar Factories of Bardoli, South Gujarat. In Binswanger, H. P. en Rozenweig, M. R. (Eds.), 1984: Contractual Arrangements, Employment, and Wages in Rural Labor Markets in Asia. Alpine Press, Massachusetts.

**Carlos, M.,** 1990: Inequalities and an International Poverty Group in California's Developed Agriculture: The case of Mexicali's Border Commuter Workers. In Chaiken, M. S. en Fleuret, A. K. (Eds.), Social Change and Applied Anthropology. (Essays in honor of David W. Brokensha), Westview Press, Colorado.

**Ceres Fruit Growers,** 1983: Ceres Fruit Growers-Nuus, April 1983, Jaargang 2, No.2, Ceres.

**Chambers, R., Longhurst, R. and Pacey, A. (eds.),** 1981: Seasonal Dimensions to Rural Poverty. Francis Pinter Bpk., London.

**Departement Van Mannekrag,** 1991: Jaarverslag 1991, Kaap en Transvaaldrukkers, Kaapstad.

**Die Karet,** Februarie 1993: Mense wil eerder werk hê. Vol. 12. No. 1., Paarl Post, Paarl.

**Du Toit, A. S.,** 1981: The South African Decidious Fruit Industry "Quo Vadis". In Percy Molteno Memorial Lecture, Stellenbosch.

**Fineman, S. (Ed).,** 1987: Unemployment Personal and Social Consequences, Tavistock Publications LTD., London.




UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

**Fumarola, M.,** 1987: Beter mense werk ook beter. Landbouweekblad, 4 Desember 1987.

**Groenewald, C. J.,** 1988: Feite oor Trekverskynsel. Landbouweekblad, 22 Julie 1988.

**Harris, J. en Harris.,** 1989: Agrarian Transformation in The Third World. In Gregory, D. en Walford, R. (eds.), Horizons in Human Geography. MacMillan, London.

**Informa,** 1987: Plaaswerkers onder loep. Vol. XXX1V. No. 2., Departement van Ontwikkelingsbeplanning, Pretoria.

**James, E. Alt en K. Alec Chrystal,** 1983: Political Economics, Brighton, Sussex.

**Karp, P.,** 1976: Rural Development: A People-oriented Strategy. Antipode, Vol. 8. No. 2

**Klugman, B.,** 1983: Women and Work. In South African Labour Bulletin, Vol. 9. No. 3. Desember 1983.

**Liebenberg, I.,** 1990: Ideologie in Konflik. Sigma Pers, Pretoria.

**Louw, W.,** 1987: 'n Sosiaal-Ekonomiese Profielstudie van die Elgin, Vyeboom, en Grabouw areas. ELVYGRA Verslag, Instituut vir Sosiale Ontwikkeling, U.W.K., November 1987.

**May, J.,** 1987: Migrant labour in Transkei: cause and consequence at the village level. Journal of contemporary African studies, Vol. 6, no. 1.

**Meer, F.,** 1991: Black-Women-Worker, Institute For Black Research, University of Natal, Madiba Publishers, Durban.

**Mgoqi, W.,** 1991: Beyond Removing the Scaffolding. In African Law Review, Vol. 3. No. 1., Maart 1991.

**Nasionale Mannekragkommissie,** 1988: Maatreëls om Sikliese Werkloosheid in Suid-Afrika teen te werk. Departement Mannekrag, Pretoria.

**Nasionale Mannekragkommissie,** 1991: Die Mannekragtoneel in 1991. In Jaarverslag 1991, Pretoria.

**Nasionale Produktiwiteits Instituut (N.P.I.),** 1983: Productivity Survey: Apple and Pear Picking and Packing in the Western Cape. Oktober 1983.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

**Navorsingsinstituut vir Vrugte en Voedseltegnologie,** 1971: Vrugtepionier Petrus Johannes Cillie. Inligtingsbulletin No. 48., Stellenbosch.

**Ohashi, K.,** 1980: An analysis of migration decisions in less developed countries in the framework of an extended family system and a dynamic model of rural urban migration. Ongepubliseerde Doktorale Proefskrif, Cornell Universiteit, New York.

**Overton, J.,** 1988: Modes of Production and Human Geography: A Diagrammatic Scheme. New Zealand Journal of Geography, Vol. 85.

**Panter-Brick, C.,** 1989: Motherhood and Subsistence Work: The Tamang of Rural Nepal. Human Ecology, Vol. 17. No. 2.

**Peet, R.,** 1989: Political Economy. In Peet, R. en Thrift, N. (Eds.), 1989. New Models in Geography, Vol. 2., Unwin Hyman Bpk., London.

**Potgieter, J. F.,** 1993: The household subsistence level in major urban centres of the Republic of South Africa. Fact Paper No. 95, Instituut vir Beplanningsnavorsing, U.P.E., Port Elizabeth.

**Plan Medewerkers,** 1982: Ceres Meesterplan, Stads- en Verkeersbeplanning, Kaapstad, Junie 1982.

**Presidentsraad Verslag,** 1987: 'n Strategie vir werkskepping en arbeidsintensiewe ontwikkeling. Komitee vir Ekonomiese Aangeleenthede, Staatsdrukker, Kaapstad.

**RDP White Paper,** 1994: White Paper on Reconstruction and Development, Discussion Document, CTP Book Printers Cape Town.

**Redlinghuis, A. C.,** 1981: Die Ontwikkelingspotensiaal van Vyf Landelike Gebiede in Namakwaland. Ongepubliseerde Doktorale proefskrif, U.W.K., Bellville.

**Redlinghuis, A. C.,** 1986: Eendekuil: 'n Armoede-Profiel. Instituut vir Sosiale Ontwikkeling, U.W.K., Bellville.

**Redlinghuis, A. C.,** 1989: "Ons leef maar, ..." of 'n gesprek met Landelike Armes. Instituut vir Sosiale ontwikkeling, U.W.K., Bellville.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

**Roets, A. V. H.,** 1979: Tussentydse Verslag Insake Ekonomiese Potensiaal van Wes-Kaapland. Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

**Sagtevrugteboer,** 1960: Die Ontwikkeling van Koöperatiewe Verpakking. Vol. 10, Deel 9, Sagtevrugteraad, Bellville.

**Sagtevrugteboer,** 1992: Sagtevrugte die belangrikste uitvoerverdiener in landbou. Vol. 42. Deel 5., Nasionale Handelsdrukkery, Parow.

**Sagtevrugteboer,** 1993: Sagtevrugteboere het wet oor diensvoorwaardes grootliks aanvaar. Vol. 43. Deel 8., Nasionale Handelsdrukkery, Parow.

**Smit, P. C.,** 1985: Die Arbeidsituasie van Kleurlinge en Swartes in die Paarl en Wellington. R.G.N. Verslag. Verslag No. MM-110, Pretoria.

**Smuts, S. en Alberts, P.,** 1988: Die Vergete Grootpad. The Gallery Press, Parow.

**Snyman, S.,** 1986: Enkelouerskap in Pretoria: Probleemdimensies, Stufaktore en behoeftes aan gemeenskapsfasiliteite by 300 enkelouergesinne. Verslag S-143, R.G.N., Pretoria.

**Strauss, P. J. Du P.,** 1987: 'n Kritiese evaluering van die ontwikkeling van die diakonale diensprogram in en deur die Nederduitse Gereformeerde Sendinggemeente, Ceres, sedert 1953 - tot 1987. Ongepubliseerde Honneurs skripsie, U.W.K., Bellville.

**Swanevelder, C. J., Van Huysteen, M. K. R., en Kotze, J. C.,** 1987: Senior Aardrykskunde (Nuwe sillabus 1987). Nasou Bpk., Goodwood, Kaapstad.

**Swindell, K.,** 1979: Labour Migration in Underdeveloped countries: The case of Sub-Saharan Africa, In Progress in Human Geography, Vol.3, No.2.

**Terreblanche, S.,** 1977: Gemeenskapsarmoede (Erika Theron Verslag), Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

**Terreblanche, S. J.,** 1980: Die wording van die westerse ekonomie. Academica, Kaapstad.



UNIVERSITY of the WESTERN CAPE
https://etd.uwc.ac.za/

**Terreblanche, S. J., 1986:** Politieke ekonomie en sosiale welvaart: met 'n toepassing op Suid-Afrika. Academica, Kaapstad.

**Underhay, J. P. G. en Hopkins, H. C.,** 1955: Eeufees Gedenkboek van Ceres, 1855 - 1955. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch.

**Unifruco,** Oktober 1989: Fifty Years of Progress.

**Unifruco,** Januarie 1992: Cape Fruit, One Hundred Years of Freshness.

**Van Der Walt, J. S.,** 1984: Faktore wat die deelname van getroude vroue in die arbeidsmag beinvloed. R.G.N., Verslag No. MM-122, Pretoria.

**Weiss, R.,** 1990: Werkloosheidsversekeringswet, "so goed as om 'n blanko tjek te vra". Landbouweekblad, 14 September 1990.

**Wessels, D. M.,** 1977: Vroue in bedryfswerk. R.G.N., Verslag No. MM-66, Pretoria.

**Wheeler, J. O.,** 1986: The Field of Economic Geography. In Wheeler, J. O. en Muller, P. O. (Eds.), Economic Geography, Second Edition, John Willy and Sons, New York.

**White, M.,** 1991: Against Unemployment. Policy Studies Institute, London.

**World Bank Paper,** 1978: Rural Enterprise and Nonfarm Employment. Washington D. C.

**World Bank Research Program,** October 1977: Distribution of income through the extended family system. Abstracts of current studies, Washington D. C.

**World Bank Research Program,** 1983: Income Formation and expenditures of Poor Urban Households. Abstracts of current studies, Washington D. C.

**World Bank, Yearly Report,** 1978: Agriculture and Rural Developement. Washington D.C.

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE



https://etd.uwc.ac.za/

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

VRAELYS: SEISOENSARBEID IN CERES.

| Kaart no. | Fabriek | Sked.no. |
|---|---|---|
| I I | 2 | 3 4 5 |

## 1. BESONDERHEDE VAN SEISOENSARBEIDER:

1.1. Geslag: (6)

| | |
|---|---|
| Manlik | 1 |
| Vroulik | 2 |

1.2 Ouderdom: (7 8)

1.3. Huwelikstaat: (9)

| | |
|---|---|
| Getroud | 1 |
| Ongetroud | 2 |
| Kohabitasie | 3 |
| Verlaat | 4 |
| Geskei | 5 |
| Weduweestaat | 6 |

1.4. Opvoedkundige peil: (I0 II)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen | 1 | St.5 | 8 |
| Sub.A | 2 | St.6 | 9 |
| Sub.B | 3 | St.7 | 10 |
| St.1 | 4 | St.8 | 11 |
| St.2 | 5 | St.9 | 12 |
| St.3 | 6 | St.10 | 13 |
| St.4 | 7 | Tersier | 14 |

1.5. Is u een van die volgende: (I2)

| | |
|---|---|
| Broodwinner | 1 |
| Eggenote | 2 |
| Kind | 3 |
| Enkelouer | 4 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

1.6. Indien enkelouer, hoeveel kinders het u: [ ] 13

1.7. Huishoudingsamestelling:

a. Kinders in huis:

| Dogters | Aantal | |
| --- | --- | --- |
| 0-6 | | 14 |
| 7-12 | | 15 |
| 13-15 | | 16 |
| 16-17 | | 17 |
| 18-20 | | 18 |
| Ouer as 21 | | 19 |

| Seuns | Aantal | |
| --- | --- | --- |
| 0-6 | | 20 |
| 7-12 | | 21 |
| 13-15 | | 22 |
| 16-17 | | 23 |
| 18-20 | | 24 |
| Ouer as 21 | | 25 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

b. Ander lede:

| | Aantal | |
| --- | --- | --- |
| Oupa | | 26 |
| Ouma | | 27 |
| Neef | | 28 |
| Niggie | | 29 |
| Kleinkind | | 30 |
| Loseerder | | 31 |

c. Huishoudinggrootte: [ ][ ] 32 33

https://etd.uwc.ac.za/

## 2. INKOMSTE:

34 35 36

2.1. Loon: Per week [ ] Per maand [ ]

37 38 39 4

2.2. Totale inkomste vir huishouding per maand: [ ]

41 42 43 4

2.3. Bron van inkomste vir ander lede:

| | Bron | Aantal | | |
|---|---|---|---|---|
| Werk | 1 | | 45 | 46 |
| Pensioen | 2 | | 47 | 48 |
| Ongeskiktheidstoelaag | 3 | | 49 | 50 |
| Onderhoud | 4 | | 51 | 52 |
| Losies/Huur | 5 | | 53 | 54 |
| Familie/vriende | 6 | | 55 | 56 |

2.4. Aantal werkloses in huishouding: [ ] 57

## 3. DIE WERKSITUASIE

3.1. Is u huidiglik in diens: Ja 1 / Nee 2 — 58

3.2. Indien nee, hoe lank is u reeds afgesit: — 59

.........................................

60 61

3.3. Hoe lank was u werksaam hierdie seisoen:

.........................................

3.4. Indien u huidiglik werksaam is, vir watter periode was u werksaam: — 62

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 mde | 1 | 6 mde | 5 |
| 3 mde | 2 | 7 mde | 6 |
| 4 mde | 3 | 8 mde | 7 |
| 5 mde | 4 | 9 mde | 8 |
| | | 10 mde | 9 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

3.5. Hoe lank is u al werksaam as seisoensarbeider: 63 64

____________________________________

3.6. Hoe lank is u al 'n seisoensarbeider by hierdie fabriek: 65

| | |
|---|---|
| 1-2 jaar | 1 |
| 3-4 jaar | 2 |
| 5-6 jaar | 3 |
| Langer as 6 jaar | 4 |

3.7. Waarom het u destyds besluit om seisoensarbeid te verrig: 66 67 68 69

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3.8. Het u al voorheen die seisoenswerk vir 'n tydperk verlaat en weer daarheen terug gekeer: 70

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

3.9. Indien ja, waarom: ____________________ 71 72 73 74

____________________________________

____________________________________

3.10. Watter werk doen u wanneer die werkseisoen voltooi is: ____________________ 75 76

____________________________________

3.11. Indien afgesit, hoe maak u 'n bestaan: 77 78 79 80

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

Kaart no [2] 1

Fabriek [ ] 2

Sked. no 3 4 5

[ ] 6

3.12. Sal u volgende jaar weer by die fabriek werk:

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

https://etd.uwc.ac.za/

3.13. Verduidelik waarom u ja/nee se: ____________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

7 8 9 10

3.14. Noem die verskillende sagte vrugte fabrieke waar u voorheen gewerk het; (huidige uitgesluit):

| | | | |
|---|---|---|---|
| C.F.G. | 1 | Du Toit/Bells | 11 |
| C.F.J. | 2 | C.F.I./Bells | 12 |
| C.F.I. | 3 | C.F.I./S.A.D. | 13 |
| Du Toit | 4 | CFG/CFI/CFJ | 14 |
| S.A.D. | 5 | CFG/Du Toit/Bells | 15 |
| Bells | 6 | CFJ/CFI/Bells | 16 |
| C.F.G./C.F.J. | 7 | Du Toit/Bells/CFI | 17 |
| C.F.I./C.F.J. | 8 | SAD/CFG/Du Toit | 18 |
| C.F.G./Du Toit | 9 | SAD/CFI/CFG | 19 |
| C.F.G./Bells | 10 | SAD/Bells/CFJ | 20 |

11 12

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

3.15. Indien by ander fabrieke gewerk, waarom het u van fabriek gewissel: ____________________

____________________________________________

____________________________________________

13 14 15 16

3.16. Het u al voorheen ander werk behalwe seisoensarbeid verrig:

Ja 1 Nee 2

17

3.17. Waarom het u bogenoemde werk verlaat vir seisoensarbeid:

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

18 19 20 21

https://etd.uwc.ac.za/

4. SOSIO-EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE:

4.1. Inkoop Patrone:

4.1.1 Waarvoor word u seisoensinkomste hoofsaaklik gebruik:

22 23 24 25

______________________________________________

______________________________________________

4.1.2. Wanneer laas het u die volgende items aangeskaf:

26 27

| | Meubels | Klere |
|---|---|---|
| maand | 1 | 1 |
| 3 maande | 2 | 2 |
| 6 maande | 3 | 3 |
| 1 jaar | 4 | 4 |
| 2 jaar | 5 | 5 |
| Lank laas | 6 | 6 |

4.1.3. Watter tyd van die jaar koop u gewoonlik bogenoemde:

28

| | |
|---|---|
| Paastyd | 1 |
| Junie-Julie | 2 |
| Kerstyd | 3 |
| Enige tyd | 4 |

4.1.4. Waarom doen u aankope juis in bogenoemde tyd:

29 30 31 32

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.1.5. Waar doen u die aankope van ameublement:

33

| | |
|---|---|
| Ceres | 1 |
| Worcester | 2 |
| Paarl | 3 |
| Kaapstad | 4 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

4.1.5. Koop u nuwe of tweedehandse meubels: 34

| | |
|---|---|
| Nuut | 1 |
| Tweedehands | 2 |

4.2. **Lopende Uitgawes:**

4.2.1. Betaal u enige maandelikse rekeninge op die volgende:

| | | Item | Bedrag | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Verband | | | 35 | | 36 37 |
| | Huishuur | | | 39 | | 40 41 |
| | Meubels | | | 43 | | 44 45 |
| Ja=1 | Motor | | | 47 | | 48 49 |
| Nee=2 | Klere | | | 51 | | 52 53 |
| | Kos | | | 55 | | 56 57 |
| | Losies | | | 59 | | 60 61 |

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

4.2.2. Watter tyd van die jaar sukkel u gewoonlik om u rekeninge te betaal: 63

| | |
|---|---|
| Nooit | 1 |
| Somer | 2 |
| Winter | 3 |
| Heel jaar | 4 |

4.2.3. Spaar u enige geld per maand: 64

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

4.2.4. Leen u enige geld: 65

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

4.2.5. Indien ja, wanneer: 66

| | |
|---|---|
| Afseisoen | 1 |
| Maandeliks | 2 |

4.2.6. Indien ja, waarvoor gebruik u dit: ____________ 67 68

____________________________________________ 69 70

https://etd.uwc.ac.za/

4.2.7. Van wie leen u gewoonlik:

| | | |
|---|---|---|
| Privaat | 1 | |
| Familie | 2 | 71 |
| Besigheid | 3 | |

4.3. <u>Behuising:</u>

4.3.1. Aan wie behoort die huis wat u bewoon:

| | | |
|---|---|---|
| Eie | 1 | |
| Munisipaliteit | 2 | 72 |
| Fabriek | 3 | |
| Privaat eienaar | 4 | |

4.3.2. Indien fabriek, wat is die voorwaarde(s) waaronder u die huis bewoon: ______________________

______________________

______________________

73 74

75 76

4.3.3. Indien fabriek, is die huisbewoner verantwoordelik vir: 77 78 79

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja=1 | Huur | | |
| Nee=2 | Water | | |
| | Elektrisiteit | | |

Kaart no 3 1

Fabriek 2

Sked. no 3 4 5

4.4. <u>Gesondheid:</u>

4.4.1. Het u as seisoenarbeider enige van die volgende siektes gehad:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Kontak dermitis (veluitslag) | | 6 |
| Ja=1 | Rumatiekkoors | | 7 |
| Nee=2 | Bronchitis | | 8 |
| | Seer elmboog/skouer | | 9 |

4.4.2. Het u al enige siekte by die werk opgedoen:

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 10 |
| Nee | 2 | |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

II I2

4.4.3. Indien ja, spesifiseer: ______________________

______________________________________________

4.4.4. Is daar enige mediese diens by die werk: Ja | 1 | I3

Nee | 2 |

4.4.5 Indien ja, maak u gebruik daarvan: Ja | 1 | I4

Nee | 2 |

4.4.6 Indien nee, waarom nie: ______________________

______________________________________________

I5 I6

5. DIE SEISOENSARBEIDER EN SY WERK

5.1. Wil u graag permanent indiens geneem word: Ja | 1 | I7

Nee | 2 |

5.2. Indien ja, waarom word u nie permanent indiens geneem nie: ______________________

______________________________________________

______________________________________________

I8 I9 20 21

5.3. Indien nee, waarom wil u nie permanent indiens geneem word nie: ______________________

______________________________________________

______________________________________________

22 23 24 25

5.4. Hoe bekom u jaarliks u seisoenwerk:

______________________________________________

______________________________________________

26 27

5.5. Hoe ervaar u die werkplek: 28

| | |
|---|---|
| Baie aangenaam | 1 |
| Aangenaam | 2 |
| Onaangenaam | 3 |
| Haglik | 4 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

29 30 31 32

5.6. Verduidelik: ____________________

____________________

____________________

33

5.7. Watter werk doen u by die fabriek:

____________________

34

5.8. Beskou u die werk as vermoeiend (te veel): Ja 1

Nee 2

5.9. Het u inkomste verbeter sedert u as seisoensarbeider begin het:

Ja 1

Nee 2

35

5.10. Watter voordele ontvang die heeltydse vrou van die fabriek wat u nie ontvang nie:

36 37 38 39

____________________

____________________

5.11. Watter voordele ontvang die heeltydse man van die fabriek wat u nie ontvang nie:

40 41 42 43

____________________

____________________

5.12. Verskil die heeltydse vrou en man (met dieselfde werk, bv. pakker) se basiese loon van u:

Ja 1

Nee 2

44

5.13. Word daar enige finansiele voorsorg getref wanneer u die dag afgesit word:

Ja 1

Nee 2

45

5.14. Indien ja, verduidelik: ____________________

46 47

____________________

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

5.15. Waarom dink u is seisoensarbeiders hoofsaaklik vrouens: 48 49 50 5I

5.16. Doen u skofwerk; Ja 1 Nee 2 52

5.17. Indien ja, watter probleme ervaar u met nagskofwerk: 53 54 55 56

5.18. Ondervind u enige probleme met kinderversorging gedurende seisoentyd: Ja 1 Nee 2 57

5.19. Indien ja, verduidelik: 58 59 60 6I

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

6. <u>VAKBONDUNIE:(PERSPSIE EN BETROKKENHEID)</u>

6.1. Is u lid van 'n vakbond Ja 1 Nee 2 62

6.2. Indien nee, waarom nie: 63 64

6.3. Indien nee, het u al kontak gehad met 'n vakbond: 65

Ja 1

Nee 2

https://etd.uwc.ac.za/

6.4. Indien ja, hoe is u bywoning van vakbondvergaderings: 66

| | |
|---|---|
| Nooit | 1 |
| Soms | 2 |
| Gereeld | 3 |

6.5. Wat het die vakbond vir u as werker al gedoen: 67 68 69 70

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6.6. Hoe was u al betrokke by vakbondaksies: 71 72 73 74

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6.7. Hoe dink u doen die vakbondunie sy werk: 75

| | |
|---|---|
| Baie goed | 1 |
| Goed | 2 |
| Bevredigend | 3 |
| Swak | 4 |
| Baie swak | 5 |

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

6.8. Wat voel u behoort die vakbond vir u as werker by die fabriek te doen: 76 77 78 79

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Kaart no 4 I

Fabriek 2

Sked. no 3 4 5 6

7. <u>DIE ENKELOUER AS SEISOENARBEIDER:</u>

7.1. <u>Woonplek:</u>

| | |
|---|---|
| Onafhanklik in eie huis | 1 |
| Huur 'n kamer | 2 |
| Loseer | 3 |
| In ouerhuis | 4 |

https://etd.uwc.ac.za/

7.2. Indien in ouerhuis, lewer u enige bydrae tot die totale inkomste van huis: | 7

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

7.3. Indien ja, watter deel van u inkomste gee u af aan u ouers: | 8

| | |
|---|---|
| 25% | 1 |
| 50% | 2 |
| 75% | 3 |
| 100% | 4 |

7.4. Wat is u koste verbonde aan kinderversorging per maand: | 9 I0 II

[ ] [ ] [ ]

7.5. Ontvang u enige onderhoud vir u kinders: | I2

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

7.6. Indien ja, is dit genoegsaam: | I3

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

7.7. Ontvang u enige ander vorm van bystand vir die kind(ers). | I4

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

7.8. Indien ja, spesifiseer. ______________________ | I5 I6

______________________

______________________

---

8. DIE TOEKOMS

8.1. Hoe sien u die toekoms in as seisoensarbeider: | I7 I8 I9 20 2I 22

______________________

______________________

______________________

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

https://etd.uwc.ac.za/

8.2. Behalwe seisoensarbeid, dink u Ceres kan enige ander werksgeleenthede aan u bied:

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 23 |
| Nee | 2 | |

8.3 Verduidelik:

_______________

_______________

_______________

24 25 26 27

8.4. Het u al oorweeg om Ceres te verlaat:

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 28 |
| Nee | 2 | |

8.4. Verduidelik:

_______________

_______________

_______________

29 30 31 32

UNIVERSITY of the WESTERN CAPE

9. INSTANDHOUDINGSKOSTE (VOEDSEL UITGESLUIT):

Hoeveel spandeer u per maand op die volgende:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Elektrisiteit | | | | 33 34 35 |
| Huur | | | | 36 37 38 |
| Water | | | | 39 40 41 |
| Brandstof(bv. hout) | | | | 42 43 44 |

https://etd.uwc.ac.za/